4

Die Voorstraat wes van die Dwarsrivier

Die dorp Ceres word netjies in twee dele gekloof deur die Dwarsrivier wat van noord na suid daardeur loop. Om van die oostelike deel van Ceres na die westelike een te kom, moet ons oor die Van Bredabrug stap. Hierdie ou houtbrug is in 1855 oor die Dwarsrivier gebou. Die Van Bredabrug, wat vernoem is na 'n lid van die Hoërhuis van die Ou Kaapse Parlement, was die tweede brug wat op hierdie plek oor die rivier gebou is.

Volgens ou foto's wat opgediep kon word, het die brug eers net een sybruggie vir voetgangers aan sy suidekant gehad. Later is 'n tweede een aan die noordekant van die brug aangebring. Laasgenoemde is deur die blankes gebruik terwyl die een aan die suidekant deur die nie-blankes gebruik is.

Daar is 'n hele aantal staaltjies wat ek oor die Van Bredabrug wil vertel, maar voordat ons daarby kom, wil ek u eers voorstel aan die mense wat in die twintigerjare besighede aan die noordekant van die Voorstraat, tussen die rivier en Lyellstraat, gehad het.

Catto se bioskoop en die Union Café

Reg langs die wesoewer van die Dwarsrivier was 'n gebou op hoë fondamente waarin Catto se bioskoop en die Union Café was.

Daar is aan my vertel dat mnr E W Krige – die destydse burgemeester van wie ek reeds vertel het – die bou van die bioskoop gefinansier het omdat hy en mev Krige so graag bioskoop toe gegaan het.

Mnr Catto was 'n Oosterling, blykbaar 'n Japannees, wat met 'n bruin dame, Caroline, getroud was, en sy was 'n dame in die ware sin van die woord. Daar word vertel dat daar in die Tweede Wêreldoorlog, net ná die Pearl Harbour-insident, 'n klompie Australiese soldate in die land was wat Ceres aangedoen het op hulle reis na die noorde. Toe hulle verneem dat mnr Catto 'n Japannees was, het hulle baie aggressief geraak en wou hom leed aandoen. Mnr Catto moes toe vir die duur van hulle besoek vir sy eie veiligheid in die tronk gehuisves word.

Dit was in die dae toe daar nog nie klankfilms was nie. Voor op die verhoog in die bioskoop was 'n pianola en 'n klavier om musiek te verskaf terwyl die rolprent vertoon is. Rex Baartman het die pianola hanteer en ook tussenin op die klavier gespeel.

Die week se rolprent is deur 'n kleurling, Piet Wilckers, met wie ons reeds kennis gemaak het, geadverteer. Hy het met twee vertoonborde, een voor en een agter die rug, en 'n welluidende klok in die hand, die dorp te voet deurkruis. Op hierdie borde was die naam van die prent asook hoeveel duisend voet dit lank is, aangebring. Dié inligting is afgesluit met die woorde: 'Don't Miss It!' Verdere advertering is deur mnr Catto self by die kafee gedoen deur aan almal wat daar 'n ietsie kom koop het, te sê: 'Very good picature tonight.'

Behalwe mnr Catto se rolprente het Piet Wilckers ook enige ander gebeurtenis wat op die dorp sou plaasvind, op dié manier geadverteer. Ons kinders het graag die honde agter hom gesit en as hy dan probeer het om hulle met die klok te verwilder, het hulle dit eerder as aanmoediging vertolk. Soos Piet dan deur die strate gevorder het, het die dorp se honde so beurt-beurt by die optog kom aansluit om met die blaffery te help. Dit was 'n ware sirkus om te aanskou.

Die Union Café met sy hoë stoep is deur Caroline Catto bedryf en was 'n gewilde teedrinkplek. In die somer het sy soms die heerlikste roomys gemaak wat sy teen 'n sikspens

33 Die Union Café met Catto se bioskoop langsaan

per bakkie of in 'n 'penny lick'-horinkie verkoop het. By hierdie geleenthede is 'n uithangbord met die boodskap, 'Ice Cream Today' vertoon, en as jy jou nie gehaas het nie, was die roomys klaar uitverkoop. In die winter is daar nooit roomys verkoop nie.

Caroline was pynlik skoon en netjies. Eendag nadat ek 'n tand laat trek het en nie te wel gevoel het nie, het ek eers vir 'n rukkie daar in die kafee gaan sit. Sy het dadelik gemerk dat daar iets met my skort en my na hulle slaapkamer geneem sodat ek op die bed kon rus. Die pragtige kamer met die dubbelbed en veersagte donskombers het so 'n indruk op my gemaak dat ek dit nooit sal vergeet nie.

(Vandag staan G H B Meubels op die perseel waar die bioskoop en Union Café destyds geleë was.)

Paul Louw

Langs die Union Café was die motorhawe van Paul Louw wat tóé al Ford-motors verkoop het. Die motorhawe was baie laer geleë as die gebou wat die bioskoop en kafee gehuisves het, weens laasgenoemde se hoë fondamente. Om die een of ander rede het die motorhawe se uithangbord aangedui dat dit 'Paul – Louw' se garage was, en my jonger broer, Joubert, het derhalwe altyd gepraat van 'Paul Strepie Louw'.

34 Paul Louw se motorhawe

Paul was 'n ongeslypte diamant met 'n hart van goud en het 'n wonderlike vrou gehad. Sy het onder andere daarvoor gesorg dat die klante hulle rekeninge vereffen het en die boekhouding van die motorhawe onder haar vlerk geneem, want as dit van Paul afgehang het, sou hy feitlik verniet gewerk het.

Paul was lief vir sy drankie. Nadat hy jou motor herstel en jy kontant daarvoor betaal het, het hy altyd die transaksie afgehandel met die woorde: 'Kom ons gaan maak 'n dop.' Vir hierdie doel was 'Die Oog' of 'Die Gat in die Muur' net langsaan.

My vader het in die dertigerjare 'n kontrak met Paul aangegaan om hom elke jaar van 'n nuwe motor te voorsien vir die som van £100. Die motor is vir die jaar gewaarborg, gedurende welke tydperk Vader moes onderneem om nie meer as 10 000 myl te ry nie en vir sy eie petrol en olie te betaal. Alle foute is egter gratis herstel. Die kontrak het ook 'n stel tasse wat in die motor se bagasiebak pas, en wat na afloop van die jaar kosteloos vir nuwes omgeruil sou word, ingesluit. Toe motors later duurder geword het, is daar ooreengekom om die jaarlikse koopsom na £150 te verhoog. Vandag klink dit na 'n sprokie, maar dit was werklik die geval.

Wanneer daar 'n nuwe model motor van Ford in die handel gekom het, het Paul eers self die motor ingestel en getoets, waarna almal wat kom kyk het, vir 'n demonstrasierit geneem is. Ek kan byvoorbeeld nog onthou toe die eerste V8-Ford aan die einde van die twintigerjare op Ceres aangekom het. Paul het die motor van die stasie af gebring en was nog besig om verstellings daaraan te doen toe ek by sy motorhawe opdaag. Nadat hy tevrede was dat die enjin mooi glad loop, het hy agter die stuurwiel plaasgeneem, my sonder seremonie aangesê om in te klim, en die pad gevat in die rigting van Michellspas.

In daardie dae was die grensdraad nog ver weg van die pad gespan, en nadat Paul die bruggie regoor die skougronde oorgesteek het, het hy meteens van die pad afgeswenk en tussen die pad en die grensdraad begin vetgee. My hart het in my keel geklop want ek was vas oortuig dat hy beheer verloor het oor die motor, wat toe reeds in die veld langs gebokspring het. Dit blyk toe dat dit maar net die eerste deel van die toetssessie was. Die tweede toets was om die motor se trekkrag te toets deur, nou weer terug op die pad, stadig en in hoogste versnelling daarmee teen die Nekkie uit te ry. Ná so 'n toetsrit was Paul ook sommer baie goed met die motor se nuwe fieterjasies vertroud.

Hierdie roete het mettertyd Paul se roetinetoetsterrein geword vir almal wat 'n demonstrasierit wou hê. Die mense het so half tou kom staan vir 'n ritjie en Paul was nie suinig om die Ford te laat loop nie. Geen wonder dat hy hierdie model by die dosyne verkoop het nie – een rit was genoeg om die voornemende koper se lus te wek en Paul was slim genoeg om dit te weet.

Paul se bestuursvernuf het hom egter eendag lelik in die steek gelaat toe hy die agtermiddag deur Michellspas gery het, die pad byster geraak en teen die afgrond afgestort het. Gelukkig was die treinspoor op dié plek 'n ent verder onderkant die pad en het sy val gestuit. Paul was nie erg beseer nie, maar soos die storie versprei het, het almal by sy

motorhawe aangedoen om die gebeurtenis eerstehands uit Paul se mond te hoor. So moes Paul sy ondervinding oor en oor vertel totdat daar later die dag 'n Engelsman opdaag wat toe ook die storie wou hoor.

Paul se Engels was nou nie juis om oor huis toe te skryf nie en sy relaas was min of meer die volgende: 'Man, I was driving up the pass and as I come to the top of the Nekkie, the sun shine right through the glass into my eyes. I cannot see a damn thing before me and rided right over the precipice!'

Paul Louw het later met sy besigheid na 'n perseel verder wes, tussen Meul- en Bucklandstraat, aan die suidekant van die Voorstraat, getrek. Dié motorhawe het hy later aan mnr Fowler verkoop, wat dit op sy beurt aan Sakkie Jooste verkoop het. (Vandag staan die motorhawe bekend as Ceres Ford.)

Mnr Danneman se winkel en die uitspanning

Op die suidoostelike hoek van die Voorstraat en Lyellstraat was die winkel van mnr Danneman. In dieselfde gebou was ook die kroegie 'Die Gat in die Muur', waarvan ons reeds geskryf het.

Agter Paul Louw se motorhawe en mnr Danneman se winkel was ook 'n uitspanning met sy twee toegange, een in Lyellstraat en die ander tussen 'Die Gat in die Muur' en Paul Louw se motorhawe in die Voorstraat. Dit is interessant dat al die uitspannings twee toegange gehad het, moontlik omdat die transportryers met donkiespanne gery het wat nie kort draaie kon maak nie. Hulle kon dan by die een toegang inry en by die ander een weer uit. Ek weet egter nie of die een toegang spesifiek vir inry en die ander een vir uitry was nie, want daar was nie 'Geen Ingang'-tekens in daardie dae nie.

(Mnr Danneman se winkel is later aan mnr Hurwitz verkoop en vandag is Tattersall Club op hierdie perseel.)

Maar kom ons gaan drink eers 'n koppie tee in die Union Café en dan vertel ek u 'n paar stories oor die Van Bredabrug.

Die Van Bredabrug

Een van die stories is die een van die groot reën toe daar in Junie 1925, 23 duim (573 mil-

limeter) reën op Ceres geval het. Die Dwarsrivier het sy walle en die geboue aan die westekant van die rivier oorstroom en tot teen Riverton se stoep in Lyellstraat gelê. Paul Louw se motorhawe was onder water en net die bioskoop en die Union Café, met dié se hoë fondamente, het soos 'n eiland bo die water uit gestaan.

35 Die vloed van 1925, nadat die water al baie gesak het

Voor Paul se motorhawe verby het 'n stormwaterriool na die rivier geloop, en skuins voor die gebou was 'n mangat met 'n houtdeksel. Weens die drukking van die stormwater van sowel die rivier se kant as van bo af, is die deksel opgelig en is dit saam met die stroom meegesleur. 'n Kleurling wat besig was om lafenis teen die koue by 'Die Gat in die Muur' te kry, is deur die stormwater uit sy nes verdryf. Teen daardie tyd het hy egter genoeg koerasie gehad om die stormwater te voet aan te durf, en het koers gevat in die rigting van die brug. Op pad soontoe het hy egter van koers af geraak en op die oop mangat afgepyl. Hy was al tot byna onder sy arms in die water toe hy eensklaps, soos met 'n towerslag, onder die water verdwyn. Die opwaartse stroming in die mangat moes taamlik sterk gewees het, want 'n paar oomblikke later dop hy weer soos 'n kurkprop bo die water uit. Hy was gelukkig so nugter geskrik dat dit nie nodig was om hom te red nie.

Toe die stygende water die ryvlak van die brug bereik, het dit vir die toeskouers voorgekom asof die brug saam met die water begin lig. Of dit werklik die geval was, weet ek nie, maar toe die water weer begin sak, het dit gelyk asof die brug saam gesak het. Almal het asem opgehou om te sien wanneer die brug se rug sou knak en dit saam met die stormwater meegesleur sou word. Toe die brug al taamlik holrug was, het dit egter staande gebly, maar nie sonder skade nie.

Een van die houtpilare was beskadig en gevolglik is die brug as onveilig verklaar. Na

tydelike herstelwerk is ligte voertuie weer toegelaat om dit te gebruik, maar 'n drif waardeur swaar voertuie moes gaan, is aan die noordekant van die brug gemaak. Na 'n jaar of wat, in 1927, is die ou houtbrug afgebreek. Die huidige betonbrug is in 1928 op dieselfde plek gebou.

Gedurende die tyd dat die brug herbou is, moes alle verkeer deur die drif gaan en vir 'n kort tydjie moes voetgangers 'n tydelike voetbruggie gebruik wat op blokke aangebring is. Op reëndae was dit 'n tydverdryf om op die Union Café se stoep te staan en die verkeer dop te hou.

36 Die drif langs die Van Bredabrug na die vloedskade

Aan elke kant van die drif het 'n vragmotor, toegerus met 'n lang ketting, gereed gestaan om bystand te verleen aan diegene wie se voertuig deur die malende waters van die rivier



37 Die nuwe betonbrug onder konstruksie in 1928

tot stilstand gebring is. Iemand het dan die punt van die ketting die water in tot by die voertuig gesleep, en dit vasgekoppel. Die gestrande voertuig is daarna deur die vragmotor uitgesleep. Daar die uit- of deursleepdiens nie gratis was nie, het heelwat bestuurders maar besluit om die water self aan te durf, en menigmaal in die rivier bly steek. Diegene wat daarin geslaag het om op eie stoom deur te ry, is met luide toejuiging deur die toeskouers begroet.

Ek onthou ook nog die lekeprediker van die een of ander sekte wat hier op straat gepreek het in die tyd toe die brug herbou is. As ek reg onthou, was sy naam Piet Burger. Hy het by die Krugers in Fabriekstraat, langs die polisie se perdestalle, ingewoon. Soos Simson van ouds het hy 'n pragtige bos baard en lang hare gehad. Hy was ook 'n baie sterk man en het een aand 'n vol konka sement op die brug gedra en staangemaak sodat hy daarop kon staan en preek. Hy het baie graag uit Openbaring gepreek en onder andere groot plakkate met 'n draak met sewe koppe as toeligtingsmateriaal gebruik. Ons kinders het dit geniet om na sy prekery te luister, want sy stories was interessant.

Die suidekant van die Voorstraat aan die oewer van die Dwarsrivier

Ons stap nou van die Union Café na die suidekant van die Voorstraat. Die eerste gebou teen die oewer van die Dwarsrivier was dié waarin Oom Boy Conradie gewoon het en wat ook die snyerswinkel van Conradie & Hardick gehuisves het. Die gebou het 'n twee voet hoë stoep met 'n veranda oor die voordeur gehad. Mnr Hardick het 'n leidende aandeel in die organisasie van plaaslike konserte geneem maar het later aan geheueverlies gely. Ek onthou dat my vader hom soms gaan help het om sy sake in orde te kry. (Willie Orbit, 'n jong kleurling wat in die twintigerjare by mnr Hardick gewerk het, leef vandag nog en moet al in sy tagtigerjare wees.)

Waar hierdie gebou gestaan het, het dr Grobbelaar, wat ses jaar lank tandarts op Ceres was, later 'n woonstel en winkelkompleks opgerig. Ds Pienaar, emeritus, het nog later die gebou gekoop en self in die woonstel gewoon. (Sanlam asook Riana's Bloemiste is tans in hierdie gebou gehuisves, en dit dra nou die naam 'Martindale Building'.)

Langsaan, ook aan die suidekant van die straat, was mnr Marx se winkel. Langs mnr Marx, op die suidoostelike hoek van Lyell- en die Voorstraat, het mnr Max Green sy slaghuis gehad. Hy het 'n Duitse blokman gehad wat later selfmoord gepleeg het deur

homself in die slaghuis op te hang. Ons het nooit gehoor wat hom tot hierdie daad gedryf het nie.

Die gebou waarin mnr Marx se winkel en Max Green se slaghuis was, is later deur Oom Johnny Darelis gekoop. Oom Johnny het 'n winkelkompleks daar opgerig wat om die hoek tot in Lyellstraat gestrek het. (Hierdie kompleks huisves tans 'n hele klomp besighede, onder andere Leaders Meubels en King Fish-viswinkel.)

Piet Potlood en sy bure

Op die suidwestelike hoek van die Voorstraat en Lyellstraat het Piet de Wit, alom bekend as Piet Potlood, sy skryfbehoeftewinkel gehad. Hier het al die skoolkinders hulle potlode, liniale en skryfboeke gekoop. Waar Prudentia, die huis waarin oom Ben Hough gewoon het, die oudste huis aan die oostekant van Ceres was, was Piet Potlood se winkel die oudste huis aan die westekant van Ceres.

Die winkel van Piet Potlood is later deur mev Brink gebruik om 'n kafee te bedryf. Oom Arend Brink en sy vrou het net langs Piet Potlood se winkel in die Voorstraat gewoon. Oom Arend het ook 'n bakkery net om die hoek in Lyellstraat gehad en sy kinders was bekend as 'die Bolletjies'. Adé, die jongste seun, was baie musikaal en ons twee het dikwels viool-duette by onthale en konserte gespeel. Hy het 'n pos in die Voortrekkerbeweging gevul en was later omroeper vir die welbekende en geliefde radioprogram 'Vir Oupa en Ouma'.

Dr E Hill en A M Frick se winkel

Langs die Brinks (waar die munisipale geboue vandag is), was die gebou waarin dr E Hill se woonhuis en spreekkamer was. Hy en dr Munnik was op een tydstip die enigste twee dokters op Ceres. Dr Munnik het sy spreekkamer op die suidwestelike hoek van Vos- en Pinestraat gehad (ons sal later meer oor hom vertel).

Langs dr Hill se spreekkamers was 'n woonhuis. (Op dié perseel is later 'n nuwe stadsaal gebou wat vandag nog daar staan.) Aangrensend aan die woonhuis was 'n lang huis met 'n hoë stoep waar A M Frick en sy gesin gewoon het. Mnr Frick se winkel was net langs sy huis (waar die poskantoor later gebou is). Ons het reeds vertel hoe hierdie winkel later afgebrand het.

38 Die dokter se spreekkamers met die latere stadsaal langsaan en die tweede poskantoor heel regs

Riverton

Nou stap ons eers weer oor na die noordekant van die Voorstraat. Regoor Oom Piet Potlood se winkel, op die noordwestelike hoek van die Voorstraat en Lyellstraat, was die losieshuis Riverton. Dié losieshuis was die eiendom van Oom Boy Bosman, wat 'n bouer was.

Oom Boy se vrou, Ant Hannie, het die losieshuis bestuur. Sy sal deur die jongspan van destyds onthou word omdat sy so lief vir kinders was. Sy het elke jaar 'n Kerspartytjie vir al die dorp se kinders gehou en dit was een van die hoogtepunte van die jaar waarna ons almal uitgesien het. Lekkernye was volop en elkeen het ook 'n Kersgeskenk gekry. Moontlik het ons ouers self vir die geskenke gesorg, maar indien dit die geval was, het ons nie daarvan geweet nie. Dit was Ant Hannie wat al die eer en liefde vir hierdie geleentheid van ons ontvang het. Ja, sy was 'n tweede moeder vir elke jongeling op Ceres.

Oom Boy en Ant Hannie het vier seuns gehad: Boy, Mike, Awie en Piet. Boy en Mike is later met Oom Piet Coetzee (wat langs Ant Lizzie Brent, eienares van Ye Old Tea Garden, in Fabriekstraat gewoon het) se twee dogters, Hannie en Bettie, getroud. Boy het later 'n seun met die naam van Dan gehad. Mike se seun, Stanley, asook hul twee dogters, Molly en Elma, leef vandag nog.

Riverton is later aan Oom Frikkie Kirsten verkoop, wat dit op sy beurt aan mnr Kluyts verkoop het.

Ant Borrie Botha en haar kinders

Aan die westekant van Riverton was Ant Wiesie Cloete se huis. In hierdie huis het die weduwee Ant Borrie Botha, haar seun, Theuns, en twee dogters, Ina en Molly, later gewoon. Ina is met Gus van der Merwe getroud, met wie ons reeds kennis gemaak het en van wie ons later meer sal hoor. Molly het weer met Johan Krige, die oudste seun van die burgemeester, getrou. Ant Borrie is ook weer getroud, dié keer met mnr Vlotman, 'n bouer van nering. (Ten tye van hierdie skrywe was Ina reeds oorlede, maar Molly en Theuns leef vandag nog.)

Ant Borrie se seun, Theuns, was 'n fris seun. Toe hy oud genoeg was, het sy ma vir hom 'n sportmotortjie gekoop waarmee hy Ceres se strate behoorlik platgejaag het. Eendag, toe hy op een van sy jaagtogte die straathoek by die kruising van Phillip- en Meulstraat, daar by die laerskool, te vinnig hanteer het, het die deur van sy sportmotor meteens oopgevlieg. Hy wou nog die draai met oop deur en al vat, maar verloor toe sy sit en beland, stuurwiel en al, so skuur-skuur op die naat van sy rug in die straat. Die motor het egter sonder stuurwiel en bestuurder teen hoë spoed voortgesnel. Theuns het verskrik opgespring en sy ryding stuurwiel in die hand te voet begin agterna sit. Voordat hy dit egter kon inhaal, het 'n eikeboom vir hom in die bresse getree en die motor sonder seremonie met 'n plat neus tot stilstand gebring.

Oom Gawie Hugo en Oom Flip Smit

Langs Ant Borrie se huis (waar Volkskas vandag is) was Oom Gawie Hugo se woonplek en bakkery. Hy het die brood en bolletjies somar uit die bakkery verkoop. Ek moes dikwels daar gaan brood haal en onthou nog hoe lekker die varsgebakte gebak geruik het wanneer die bakkery se deur vroegoggend oopgesluit is. By dié geleentheid het ek altyd 'n gratis bolletjie ontvang, wat ek natuurlik op pad huis toe verslind het.

Oom Gawie was baie doof en 'n mens moes hard praat om met hom te kon kommunikeer. Hy het 'n fyn stemmetjie gehad en op 'n eienaardige manier gepraat. Soms, veral wanneer hy nie die gesprek in 'n geselskap kon volg nie, het hy somar die spreker in die rede geval met iets wat nie die vaagste verband met die onderwerp onder bespreking gehad het nie. So het dit dan ook eendag gebeur dat die geselskap waarin hy verkeer het oor die tragiese gebeure van 'n bekende in die omgewing se skielike dood gehandel het.

Oom Gawie het die geselsers só gesit en dophou, en toe sommer so uit die bloute, opgemerk: 'Hertzog het darem vir ou Smuts lekker sleggesê in vandag se koerant, nê?'

Oom Flip Smit, 'n snyer van nering, het net langs Oom Gawie in die Voorstraat gewoon en gewerk. Hy en Oom Gawie was hul lewe lank aartsvyande en die twee het geen geleentheid laat verbygaan om hulle gevoel vir mekaar op luisterryke wyse te kenne te gee nie. Een Kersoggend, byvoorbeeld, toe Oom Gawie in sy voordeur staan en die wêreld beskou, sien hy dat Oom Flip hier langsaan oor sy tuinhekkie leun, blykbaar met dieselfde doel. Miskien was dit die Kersgety wat Oom Gawie in 'n meer gemoedelike stemming gebring het, want op dié dag is dit darem die gebruik om jou medemens met seënwense te begroet. Dit moes seker met dié voorneme gewees het dat Oom Gawie toe na Oom Flip toe oorgestap het, maar iewers moes sy onderbewussyn die oorhand gekry het, want toe hy Oom Flip die hand gee, was sy woorde: 'Nou ja, 'n geseënde Kersfees vir jou en verder kan jy in jou moer kruip.'

Oom Flip was maar 'n moeilike man. Geen wonder dat die kwaaijongens hom gedurig getreiter het nie. So het Gus van der Merwe en sy trawante een aand na 'n besoekie aan die Grand Hotel 'n paar blikkies helder verf uit Luyt & Kie, die winkel net langs Oom Flip se huis, gaan gaps en teen oom Flip se huis se mure stukkend gegooi. Die doel hiervan was, het hulle later verduidelik, om 'n bietjie kleur in sy lewe en sy huis te bring. Oom Flip het die voorval egter in 'n ander lig gesien en die saak by die polisie gaan aanmeld. Die saak is gelukkig buite die hof geskik onder voorwaarde dat Gus en sy trawante die huis se mure skoonmaak en die hele huis van buite moes oorverf.

Luyt & Kie

Die groot winkel langs Oom Flip se huis, Luyt & Kie, wat alles van rokmateriaal tot ysterware verkoop het, is in 1875, twintig jaar na Baumann's Store, op Ceres opgerig.

Ek glo nie daar leef nog mense wat mnr Gabriel Jacobus Luyt (Oom Gawie), die oorspronklike eienaar van Luyt & Kie, geken het nie want hy is reeds in 1898 op 52-jarige leeftyd oorlede. Hy was met die dogter van J C Goosen van Prince Alfred's Hamlet getroud. Oorlewering wil dit hê dat hy toe hy haar nog die hof gemaak het, altyd op die rug van 'n wit perd by haar gaan kuier het.

Oom Gawie Luyt se broer, James, het vier seuns gehad. Drie van hierdie seuns, John, Richard en Frederick, het in 1912 saam met die Springbokrugbyspan in Engeland en Europa gaan toer.

39 Luyt & Kie in die dertigerjare

Oom Staaf

Oom Gustaf van der Merwe, alom bekend as 'Oom Staaf', het later Luyt & Kie gekoop. Hy was 'n gesiene persoon op Ceres, want sy winkel en Baumann's Store was die twee grootste besighede op die dorp. Oom Staaf, sy vrou en drie seuns, Christie, Theo en Gus, het in Phillipstraat, aan die noordekant van die uitspanning wat reg agter die winkel was, gewoon. Christie is jonk aan maagkoors oorlede, Theo het hom as mediese dokter in Pretoria bekwaam, en Gus het later, na Oom Staaf se dood, die bestuur van Luyt & Kie onder toesig van sy moeder oorgeneem.

Ons het al telkens van Gus se kwajongstreke op Ceres vertel. Soos daar seker afgelei kon word, was Gus 'n bietjie loskop, ook wat die besigheid betref. Sy twee beste maats met wie hy gewoonlik die dorp op horings geneem het, was Attie Herbst en Nathan Sarembock. Die drie het ook glad te veel van hulle tyd in Jockey Levin, eienaar van die Grand Hotel, se kroeg verwyl.

Dit is dan ook te verstane dat Luyt & Kie onder Gus se bestuur geleidelik begin kwyn het. Gus se moeder moes noodgedwonge 'n nuwe bestuurder, mnr J G Reid, aanstel om sake reg te ruk. Nadat mnr Reid (oor wie daar later meer vertel word) Luyt & Kie weer op gesonde voet gebring het, het hy as bestuurder bedank en 'n erf in Vosstraat gekoop, waar hy sy eie besigheid opgerig het.

Gus is toe maar weer as bestuurder van Luyt & Kie aangestel. Soos verwag is, het die besigheid spoedig weer finansiële probleme ondervind. Oom Japie van Eeden, wat van Riviersonderend, waar hy 'n besigheid gehad het, gekom het, het daarna Luyt & Kie van die Van der Merwes gekoop. Sy seun, Koos, en Herman Viviers, wat die winkel se boekhouding waargeneem het, het later die besigheid van Oom Japie oorgeneem en dit bedryf totdat die kettingwinkels gekom en die private sakeondernemings verdring het.

Luyt & Kie se bestaan op Ceres is in 1988, na meer as 'n eeu, beëindig. So het die twee oudste winkels op Ceres, Baumann's Store en Luyt & Kie, in die vergetelheid verdwyn.

Die uitspanning agter Luyt & Kie

Die uitspanning agter Luyt & Kie het, soos al die ander, twee toegange gehad, een uit die Voorstraat tussen die winkel en Oom Flip Smit se snyerswinkel, en die ander uit Meulstraat.

Die skoliere wat op nabygeleë plase gewoon het, het daagliks met perdekarre skool toe gery en hier kom uitspan en die perde in die uitspanning se stalle versorg. Pietie Cillié, as oudste seun, was die koetsier van die eenperdkarretjie waarmee hy met sy broers en susters van De Bosch af skool toe en terug gery het. So het dit eendag gebeur dat die perd op pad dorp toe vir iets geskrik het en Pietie tussen die wiel en die bak van die kar ingeval het. Hoewel hy taamlik beseer en rou geskaaf was, het hy skool toe gekom asof daar niks gebeur het nie. Hy het sy broers en susters die dood voor oë gesweer indien hulle van die gebeure sou vertel. Die onderwyseres het egter gemerk dat daar iets met hom skort en, toe sy die saak ondersoek, gevind dat hy lelik gekneus en stukkend geskaaf was. Sy ouers moes hom kom haal sodat hy verpleeg kon word.

Die vier pleine op die kruising van Owen- en die Voorstraat

Al vier die hoekerwe by die kruising van Owen- en die Voorstraat was oop stukke grond waarop gras gegroei het. Hierdie pleine is hoofsaaklik as kampeerplek deur nagmaalgangers gebruik. Die NG Kerk het elke drie maande 'n nagmaaldiens gehad. By dié geleentheid het die boeregesinne van heinde en ver gekom om die diens by te woon. Dié wat nie tuishuise op die dorp gehad het nie, het met tente of tent-eselwaens op hierdie pleine oornag.

Reg op die noordoostelike straathoek by die kruising van die twee strate was 'n kraan met 'n slurp vooraan waarmee die waterkar wat gebruik is om die strate nat te gooi, gevul is. Die eerste waterkar wat ek kan onthou was 'n kar met 'n tenk daarop wat deur vier osse getrek is. Later het die munisipaliteit 'n tenkvragmotor aangeskaf wat as die 'waterlorrie' bekend gestaan het. Vir ons kinders was dit 'n aardigheid om kort agter die waterlorrie te hardloop met ons kaal voete onder die spuitende water.

Sover ek kan onthou, was die naam van die bestuurder van die waterlorrie Samuel, maar van die ou kleurlinge op die dorp beweer dat Karel Skutters die eerste drywer van die oswaterkar was, en Koos Brink die bestuurder van die waterlorrie. Laasgenoemde was 'n baie netjiese en waardige kleurling met 'n groot hangsnor nes dié van Oom Danie Joubert, die koster van die NG Kerk. Oom Danie het met 'n fiets met 'drophandles' gery wat die kontoere van sy snor perfek gevolg het.

Die plein op die noordwestelike straathoek is, benewens deur die nagmaalgangers, dikwels deur ons klomp kinders gebruik om 'n tennisbal rond te skop as ons op pad na of van die laerskool was. Reg op die straathoek van dié plein het 'n rooi posbus gestaan. Hierdie posbus is gereeld op geheimsinnige wyse gedurende oujaarsnag met een of ander skreeuhelder kleur oorgeverf. Daar was 'n sterk vermoede dat die posbus se jaarlikse kleurverwisseling Gus van der Merwe se werk kon gewees het.

Op die westelike grens van hierdie plein het 'n huis met die naam 'Merwe Lodge' wat op die plein gefront het, gestaan. Die eienares van die huis, mev Van der Merwe, het een of ander gebrek in die bene gehad en is in 'n rolstoel deur haar huisbediende, 'n kleurlingvrou, rondgestoot. Mev Van der Merwe was alom bekend as 'Missies Voes'. Volgens oorlewering het sy hierdie bynaam gekry toe sy eendag 'n pampoen gekoop het wat, toe sy dit oopsny, binne-in heeltemal voos was. Sy sou toe gesê het dat die pampoen 'voes' was.

Miesies Voes was 'n onverdraagsame mens, en wat ons kinders betref, 'n gemene mens. Sy het ons verpes wanneer ons die tennisbal met groot lawaai voor haar huis rondgeskop het. Die gewone prosedure was dat sy haar huisbediende aan die binnekant van die glasvoordeur laat wagstaan het, en sodra ons die bal per ongeluk op die houtstoep geskop het, het dié gou die deur oopgepluk, die bal gegryp en daarmee die huis in verdwyn. Kort daarna het sy dan weer haar verskyning gemaak en die stukkend gesnyde bal na ons toe teruggegooi. As vergelding het ons dan die huis se sinkdak met 'n sarsie klippe bestook.

Die ou markplein was op die suidwestelike hoek van Meul- en die Voorstraat geleë. Langs die suidelike grens van die plein het twee huisies gestaan wat deur 'n heining, wat 'n goeie

nege voet hoog was, van die plein geskei was. In dié twee huisies het juffrou Calitz en Ant Mieta Prins onderskeidelik gewoon.

Mnr Spies, wat destyds stadsklerk op Ceres was, se een seun, Gert, was 'n onmoontlike mens wat maar altyd met kattekwaad besig was. Eendag het hy paalspring op die markplein geoefen, eers oor hierdie een se kop en dan weer oor daardie een s'n. Dit was nie lank nie of sy maats daag hom toe uit om van die plein af oor die hoë heining voor juffrou Calitz en Ant Mieta se huisies te spring. Hulle was natuurlik salig onbewus daarvan dat juffrou Calitz juis op daardie oomblik besig was om wasgoed in 'n groot sinkbad in haar agterplaas te was.

Gert, ook nie links nie, vat toe 'n lang aanloop en laat waai oor die heining, maak dit nie heeltemal bo-oor nie, maar trek so half deur die heining en land pens en pootjies in die bad wasgoed. Juffrou Calitz, waternat gespat, het haar eers disnis geskrik en luidkeels gegil, maar nadat sy tot verhaal gekom het, het sy haar misnoeë oor die voorval luidkeels en in geen onsekere taal nie, te kenne gegee.

Die Burger-gesin het later in Tant Mieta se huis ingetrek. Hulle dogter, Ansie, kon pragtig sing. Sy het later met Sallie Herbst getrou.

40 Die eerste NG-kerkgebou op die hoek van Meul- en Murchisonstraat, ingewy op Saterdag 5 Mei 1855 en afgebreek in 1955

Die plein op die suidoostelike straathoek was maar altyd as 'kerkplein' bekend, selfs in vervloë dae toe die eerste NG-kerkie op die hoek van Meul- en Murchisonstraat geleë was. Hierdie kerkie was baie klein en kon weldra nie meer Ceres se groeiende NG-gemeente akkommodeer nie. Daarna, in 1881, is Ceres se pragtige en eens bekende 'Klip-kerk' op die suidelike gedeelte van kerkplein gebou. Die ou kerkie op die noordwestelike hoek van Meul- en Murchisonstraat is toe in 'n kerksaal omskep. Kom ons gaan loer eers gou daar in, en dan vertel ek u van die kerkbasare wat destyds in dié saal gehou is

kerkbasaar

In die twintigerjare was die kerkbasaar 'n grootse geleentheid. Die NG Kerk se gemeente was baie groot en het die Kouebokkeveld asook die Karoo ingesluit. Die gemeentelede het gevolglik van heinde en verre gekom om dié Saterdag se verrigtinge by te woon.

Die basaar is in die ou kerkie wat op die hoek van Meul- en Murchisonstraat geleë was, en wat toe in 'n kerksaal omskep is, gehou. Dié kerksaal het weldra ook vir hierdie geleenthede te klein geword. Om meer ruimte te skep is daar toe 'n afdak aan Murchison-straat se kant langs die saal aangebou, wat aan die straatkant met ogiesdraad toegespan is. Hierdie bousel, wat baie nuttig by groot geleenthede te pas gekom het, het kort voor lank as die 'duiwehok' bekend gestaan.

Die jaarlikse kerkbasaar was tradisioneel 'n dag wat afgesonder is om gesellig saam met ander gemeentelede te verkeer en haas om terug te keer huis toe, was 'n ongehoorde ding. Daar is gekoop, tee gedrink, geëet en sommer rondgestaan en gesels.

Benewens die eet- en drinkgoed was daar ook klerasie, speelgoed en allerhande artikels (soos by Avalli se winkel) te koop. Daar was byvoorbeeld ballonne met 'n fluitjie in wat fluit wanneer die ballon afblaas. By ongeveer die derde opblaas het die ballon gebars, waarna ons die mondstukkie andersom gedraai het en die fluitjie met die mond geblaas het totdat dit skoon hees geword het.

Daar was ook gooitolle met punte wat skeef en los was. Met die derde gooislag het die punt gewoonlik uitgebreek. Dan het ons maar die tol in die sak gesteek, by die huis 'n skroef gaan indraai en die punt daarvan rond gevyl. Mens kon ook die mooiste glasal-basters met veelkleurige patrone binne-in op die basaar koop. Maar ons het hulle al van die vorige jaar af geken en geweet dat hulle somar stukke afsplint as hulle hard met 'n ghoen raakgeskiet word.

As ek reg onthou, is daar later ook 'n groot tent op die kerksaal se perseel opgerig (of

miskien was dit 'n groot seil wat daar gespan was) om as eetvertrek te dien. Die ete van egte boerekos, om nie eens van die poedings te praat nie, was ongetwyfeld die hoogtepunt by dié okkasie. Daardie groot bord kos wat deur die beste kokke in die gemeente voorberei is, was iets wat my vandag net sooibrand sou gegee het, veral wanneer dit verenig met die pannekoek en ander lekkernye wat mens in die loop van die oggend agter die blad gesit het. Vir ons kinders was die hemelse verskeidenheid poeding die toppunt van die ete. Ek het altyd 'angels' food' (vrugteslaai van vars vrugte gemaak) geëet, want dit was vir my iets waarsonder geen kerkbasaar ooit volmaak sou wees nie.

Dan was daar ook die veiling van lewende hawe en ander produkte wat deur die gemeentelede as dankoffers geskenk is. Die skape wat opgeveil moes word, het daar eenkant in 'n draadkraaltjie aan bondels lusern gestaan en vreet of somar net geblêr. Nadat die mense stelling om die kraaltjie ingeneem het, het die dominee 'n bod vir die eerste skaap gevra en daarmee was die veiling dan geopen.

Die veiling het soms nogal lank geduur, want party mense het die manier gehad om die skaap, nadat dit op hulle toegeslaan is, terug te gee om weer opgeveil te word. Dié grootse gebaar is dan met luide handeklappery begroet. Die volgende koper was dan so bietjie in die verleentheid want eintlik word dit so half en half van hom verwag om ook die skaap vir heropveiling terug te gee. Hierdie storie het tot vervelens toe aangehou totdat iemand die moed gehad het om sy gekoopte skaap te vat en te loop. Dit was nie sonder skuldgevoel nie, want as die duurbekomde slagding nie vir heropveiling teruggegee is nie, het die omstanders nie hande geklap nie.

So was daar vir 'n ieder en 'n elk te kus en te keur. Eers teen skemeraand het die verrigtinge ten einde geloop en is die perdekarre traag ingespan vir die terugtog huis toe.

Ceres se eerste stadsaal

In Meulstraat, aan die noordekant van die kerksaal (daar waar die NG-kerk se parkeerterrein vandag is), was Ceres se eerste stadsaal geleë. Dit was waarskynlik hierdie stadsaal wat in 1911 in 'n bioskoop verander is en aan The People's Bioscope Company verhuur is. Dié gebou is later omskep in 'n anneks vir McDonaldhuis, 'n koshuis vir laerskoolseuns.

Nou stap ons eers weer terug na kerkplein sodat ek u meer omtrent Ceres se bekende Klipkerk kan vertel.

Die Klipkerk

Ceres se Klipkerk het 'n lang en interessante geskiedenis gehad wat strek vanaf 1881 toe die kerk op kerkplein gebou is tot die vyftigerjare toe dit gesloop moes word.

Die Klipkerk was 'n sierlike gebou wat aan die buitekant met Tafelberg-sandsteenblokke en aan die binnekant met gewone stene gebou is. Albei kante is met klei gemessel. Die opening tussen die twee mure is met los materiaal opgevul. Dit was aan hierdie boumetode te wyte dat die Klipkerk binne 'n kort tydsbestek letterlik begin verkrummel het.

Binne tien jaar na voltooiing het die voorgewel na buite begin oorhel en het dit van die res van die struktuur begin losbars. In 1897 is uitgebreide herstelwerk aan die gebou gedoen, waartydens die voorgewel met ysterstawe aan die suidelike gewel geanker is. Hierdie maatreël was egter ongeslaag want die voorgewel het eenvoudig aanhou met oorhel en uiteindelik weer losgebars.

Omtrent drie jaar later was daar geen ander keuse nie as om die voorgewel tot op die grond af te breek en van nuuts af, hierdie keer met sement pleks van klei, te herbou.

Maar nog was dit nie die einde van die Klipkerk se probleme nie. Die sandsteenblokke het algaande verweer totdat reënwater na binne begin sypel en tussen die dubbele mure begin opdam het. Gevolglik het die binneste en buitenste mure van mekaar begin wegtrek en sodoende groter holtes in die binnemuurruimte geskep. Dié toestand het vir baie jare voortgeduur.

In die jare 1940–1950, toe ek as diaken in dié kerk gedien het en dus ook lid van die kerkraad was, was die kerkraad genoop om weer eens oor die reparasie van die Klipkerk te besin. Daar is toe besluit om die hulp van 'n groep argitekte in te roep. Al die argitekte was dit eens dat die onstabiele struktuur van die mure nie meer met herstelwerk gered kon word nie. Hulle het eenstemmig aanbeveel dat die kerk gesloop moes word, aangesien die wankelende mure intussen lewensgevaarlike afmetings begin aanneem het.

As 'n laaste alternatief het ek nog self die voorstel ingedien dat 'n nuwe kerk regoor, aan die westekant van Owenstraat (vroeër Meulstraat op die perseel waar die kerksaal vandag staan) gebou word, en dat die Klipkerk as 'n kerksaal gerestoureer word. Weens die slegte toestand van die Klipkerk se mure is hierdie voorstel summier deur die argitekte verwerp. Die besluit is toe geneem om die Klipkerk te sloop, en dit was 'n bitter pil vir die kerkraad om te sluk.

Die besluit om die Klipkerk te sloop het hewige kritiek van die gemeente ontlok, klaarblyklik weens misverstande oor die rede daarvoor. Die saak het selfs uitgekring tot die nasionale koerante, waarin daar hoogs ongegronde aantygings teen die kerkraad gepubliseer is. Ek kan egter met vertroue instaan vir die ware redes waarom die kerk gesloop moes word aangesien ek, in my hoedanigheid as lid van die kerkraad, persoonlik daarby betrokke was.

Met die sloping van die kerk het dit geblyk dat die argitekte se bevindings gegrond was. Die noordelike gewel, wat aan die begin van die twintigste eeu met sement herbou is en derhalwe baie stewiger as die res van die gebou was, is egter met baie groot moeite afgebreek. Mense wat die gesukkel waargeneem het, het rondvertel hoe stewig die mure van die kerk nog gestaan het en het dit as bewys aangevoer dat die kerkraad 'n dwase besluit geneem het om die Klipkerk te sloop. As hulle woorde maar van goud was!

(Mens wonder ook wat van die Klipkerk sou oorgebly het indien dit met die aardbewing van 1969 nog staande sou gewees het. Feit bly staan dat dit 'n sieraad uit die verlede was wat ons baie graag sou wou behou het.)



41 Die Klipkerk

Flip du Plessis se motorhawe en mnr Salvage se winkel

Aan die westekant van die markplein was die motorhawe wat eers aan Flip du Plessis

behoort het. Voordat hy die motorhawe gehad het, het hy motorherstelwerk in die agterplaas van sy pa, Oom Koos du Plessis, se wamakery op die suidoostelike hoek van Meul- en Eikestraat, gedoen. (Ons vertel later meer oor Oom Koos en sy wamakery.)

42 Flip du Plessis se motorhawe

Flip het die motorhawe later aan Paul Louw verkoop, wat daarnatoe getrek het nadat hy sy eerste motorhawe onder by die brug verlaat het. Flip het hierna Oom Koos (Afarmpie) van Rensburg se motorhawe skuins oor die Voorstraat (waarheen ons netnou sal oorstap) gekoop en daarnatoe getrek.

Mnr Salvage was maar altyd die eienaar van 'n snoeperywinkeltjie. Sy heel eerste winkeltjie was regoor die laerskool op die suidwestelike hoek van Phillip- en Meulstraat (daar waar Ant Naomi van der Merwe later gewoon het). Na hy dié verkoop het, het hy 'n soortgelyke winkeltjie aan die westekant van die motorhawe wat deur Flip du Plessis aan Paul Louw verkoop is, geopen. Mnr Salvage was vreeslik bysiende en die kinders het hom gruwelik verkul. As hy hier naby hom met die geld werk of iets moes skryf, het hy sy bril bokant sy oë opgestoot sodat hy naby kon sien. Dit was dan dat jy iets gegaps het omdat jy geweet het dat hy nie daar ver kon sien nie.

Mnr Salvage het destyds sy spaargeldjies by Volksbeleggings belê en feitlik alles verloor. Na 'n lang lewe van toewyding en harde werk het hy op sy oudag 'n hulpbehoewende geword.

Ant Toelie Moller

Aan die noordekant van die Voorstraat, net langs Miesies Voes, het Ant Toelie Moller

gewoon. Sy het tiklesse gegee en die mense het altyd vertel hoe onversorg sy was. Een van die stories wat die rondte gedoen het was dat stukke van die gebakte eier wat sy die oggend met ontbyt geëet het, die middag nog aan die baard op haar bolip gekleef het.

Die Grand Hotel

Aan die westekant van Ant Toelie se huis, min of meer regoor mnr Salvage se winkel, was die Grand Hotel. Hierdie hotel het 'n ryk geskiedenis gehad.

Vroeër jare het net die woonhuis van 'n sekere mnr Van Zyl op hierdie erf gestaan. In 1872 het mnr C J van der Merwe hier 'n hotel met die naam Pilgrim's Rest Hotel bedryf. Dié hotel is later deur mnr Schmidt, 'n Duitser, gekoop, wat nog 'n verdieping op die bestaande mure aangebou het, en die hotel toe na die Grand Hotel herdoop het. Soos reeds gemeld, word daar egter beweer dat dit die Commercial Hotel was wat op die mure van die Pilgrim's Rest Hotel gebou is en dat dit in der waarheid die Commercial Hotel was wat mnr Schmidt na die Grand Hotel herdoop het. Hoe dit ook al sy, mnr Schmidt sal altyd vir sy sêding onthou word: 'Come to the Grand Hotel; if not, why not?'

Mnr Schmidt se seun, Adolf, was 'n regte karnallie wat gereeld kattekwaad aangevang het. Toe mnr Schmidt 'n Oakland-motor met rooi draadspeekwiele aangeskaf het, moes Adolf leer om dit te bestuur. Voordat hy vaardig genoeg in die kuns was, het hy 'n paar maats na Wolseley vir 'n plesierrit geneem, die pad in Michellspas byster geraak, en na benede gestort. Behalwe dat hy sy arm gebreek het, was hy en sy passasiers, wonder bo wonder, nie ernstig beseer nie. Die motor was egter 'n wrak. By die aanhoor van die nuus was mnr Schmidt se enigste woorde: 'Never mind the motor car, what about my son?'

Die Grand Hotel is later aan Jockey Levin verkoop. Jockey was 'n karakter op sy eie op Ceres – 'n klein, haastige mannetjie, altyd netjies geklee, wat jy nooit sonder 'n rooi blom in sy baadjielapel sou raakloop nie. Hy het altyd op 'n rooi blom vir sy lapel aangedring, by voorkeur 'n bergrosie, maar 'n angelier of roos was aanvaarbaar as 'n tweede keuse.

Jockey het meesal self mense in die kroeg bedien en 'n punt daarvan gemaak om so nou en dan 'free drinks on the house' te gee. As Gus en sy trawante die aand op hulle stukke was, het hulle so nou en dan oor die toonbank geleun, Jockey agter die nek gegryp, bo-oor die toonbank getel en langs hulle staangemaak. Jockey het dan maar net haastig na die deurgangklap op die punt van die toonbank gedraf en, sonder om dit op te lig, so effe gebukkend onderdeur die klap gestap om weer op sy pos agter die toonbank te kom. Sy

enigste kommentaar was 'n bedaarde vermaning: 'Gentlemen, gentlemen, please behave yourselves.'

Jockey het 'n goeie hart gehad. Hy het byvoorbeeld gereeld vir Miss Beth van der Merwe, van wie ons later meer sal hoor, haar gratis drankie in die hotel se 'lounge' laat bedien. Sy het haar plek gehad waar sy altyd gesit het en, nadat sy plaasgeneem het, is 'die gewone' aan haar voorgesit.

Jockey het een seun, Gerry, gehad wat 'n geoloog geword het. Gerry, wat vandag in Johannesburg woon, stel baie belang in die geskiedenis van Ceres en het in sy leeftyd heelwat gegewens in hierdie verband ingesamel.

Jockey het altyd gesê dat daar 'n groot party gehou moet word wanneer hy die dag sterf, 'but remember, the empties must be returned'. Na Jockey se heengaan is die hotel gesluit. (Andrag Motors staan vandag op hierdie perseel.)

Die kliphuis

Ons stap nou eers weer oor na die suidekant van die Voorstraat, na die kliphuis van Ant Ralie du Plessis. Hierdie huis het uit drie wooneenhede bestaan, elk met sy eie voordeur op die Voorstraat. Ant Ralie het in die oostekantste wooneenheid gewoon. Die ander twee was die tuiste van Ant Joey van Wyk, die orreliste van die NG Kerk. Ant Joey het die pos van orreliste tot 1915, toe sy bedank het, beklee. Sy is egter weer in 1918 in dieselfde pos aangestel en was die orreliste in die kerk totdat sy in 1947 afgetree het.

43 Die kliphuis van Ant Ralie du Plessis

Flip du Plessis het later die kliphuis gekoop en daar gewoon terwyl hy eienaar van die Central Garage, skuins oor die Voorstraat, was. Die kliphuis is in 1955 gesloop en 'n nuwe huis is toe op hierdie perseel gebou.

Die Witkoppe

Langs die kliphuis het die Van der Merwe-gesin gewoon. Hulle was bekend as die Witkoppe (om hulle van die Geelkoppe en Swartkoppe, almal Van der Merwes, te onderskei). 'Miss Trewwa' van der Merwe, wat ook in dié huis gewoon het, was egter een van die Geelkoppe. Miss Trewwa was die standerd drie-onderwyseres in die laerskool. Sy was kwaai, maar 'n goeie en regverdige onderwyseres. Miss Trewwa was die eerste leerkrag wat van 'recess' pleks van 'play time' gepraat het, en aan die begin het ons kinders nie geweet wat sy met hierdie woord bedoel nie.

Sy het ons, as straf vir ons menige oortredings, gedurende 'recess', wanneer die onderwysers gaan tee drink het, in die klaskamer laat bly sit. Die klaskamer het egter 'n buitedeur gehad en ons het spoedig geleer om 'n rukkie te wag nadat sy gaan tee drink het, en dan by hierdie deur uit te sluip om buite saam met ons klasmaats te gaan speel. Voordat die klok die einde van die pouse aangekondig het, het ons dan weer ewe gehoorsaam in die klaskamer gesit. Sy moes egter snuf in die neus gekry het want eendag het sy onverwags die klaskamer gedurende die pouse besoek en dit leeg gevind. Daarna was dit neusie verby met hierdie slimstreek van ons.

Avondgloor

Aan die westekant van die Witkoppe se huis, op die suidwestelike hoek van Buckland- en die Voorstraat, was die huis Avondgloor waar mnr Henry Cloete en sy dogter, Eileen, gewoon het. Sy was 'n mooi dame en George Ford, wat naby Prince Alfred's Hamlet geboer het, het by haar gekuier.

Die Van der Merwes van die plaas Lakenvlei het later die Cloetes se huis gekoop. Nadat haar ouers oorlede is, het juffrou Bettie van der Merwe hier kom woon. Sy het later loseerders ingeneem. (Juffrou Bettie, soos sy alom bekend is, was nog ten tye van hierdie skrywe 'n inwoner van Maudie Kriel Huis vir Bejaardes.)

44 Juffrou Bettie van der Merwe

Die firma Wm Spilhaus & Kie het later die erwe waarop die Witkoppe se huis gestaan het, asook Avondgloor, gekoop en 'n werkswinkel daarop opgerig, waar McCormic Deering-trekkers verkoop en nagesien is. Kowie van Dyk, wat met Hannatjie Perold getroud was, was eers bestuurder daar en het later die besigheid oorgeneem.

My broer Joubert het eendag 'n trekker by Kowie gekoop. Destyds is die trekkers nog in kiste verpak van oorsee af ingevoer, en moes dit na aankoms in die land eers aanmekaar gesit word. Daar Joubert haastig met die aflewering van die trekker was, het Kowie onderneem om dit sommer hier op Ceres te monteer. Die trekker is net so in die kis verpak op Ceres afgelewer en Kowie het aan die werk gespring. Kowie was 'n haastige man en het die trekker binne rekordtyd gemonteer en aan Joubert afgelewer.

Nadat Joubert baie jare met die trekker gewerk het, het hy dit na Kowie gebring om te versien. Toe Kowie die ratkas oopmaak, kry hy een van sy ringsleutels daarin wat al die jare al soek was en waaroor hy sy werktuigkundiges erg verpes het. Dat dié sleutel intussen nie tussen die trekker se ratte beland het nie, was 'n ware wonder.

Die Central Garage

Ons stap nou eers weer 'n entjie terug, na die noordekant van die Voorstraat, tot by die motorhawe van Oom Koos van Rensburg wat aan die westekant van die Grand Hotel geleë was. Hier het Oom Koos die destydse Chevrolet- en later die veel geprese Hupmobile-motors verkoop. Voordat hy die motorhandel betree het, het Oom Koos die saagmeul in Fabriekstraat van Oom Lammie Baartman gekoop en vergroot. Net soos Oom Lammie destyds sy twee vingers daar afgesaag het, het Oom Koos sy hand by die polsgewrig daar op dieselfde wyse verloor. Daarna het hy as Koos Afarmpie bekend gestaan.

Oom Koos Afarmpie het twee seuns, Nicolaas en Willem, gehad. Nicolaas was saam met my in dieselfde klas in die skool. Soos kinders maar was, het ons die gewoonte gehad om kaalvoet al in die leivore langs die strate skool toe te stap. Op hierdie wyse het Nicolaas eendag in 'n stuk bottelglas in die voor getrap en sy voet gesny. Daar waar hy uit die voor geklim het, het ons sy bloedspoor gekry, dit tot by die skool gevolg, en die gewonde gesoek en gevind. Daarna het hy die naam Jakkals gekry – 'n naam wat hy tot vandag toe dra. Om konsekwent te wees het ons sy broer, Willem, Wolf gedoop, 'n naam wat hy ook vir die res van sy lewe behou het. Wolf is reeds oorlede, maar ten tye van hierdie skrywe was Jakkals nog in die Strand woonagtig.

Flip du Plessis het later die motorhawe by Oom Koos Afarmpie gekoop, waar hy 'n Chrysler- en De Soto-agentskap bedryf het. Hy het die besigheid later verkoop, maar dit daarna weer teruggekoop. Flip het self die besigheid bedryf totdat hy tagtig jaar oud was. Op die naambord van die motorhawe het die woorde 'Central Garage – work done by owner' gestaan. Flip was bekend vir sy deeglike vakmanskap. Selfs in later jare toe die besigheid uitgebrei het, het hy geen voertuig uit die motorhawe laat gaan voordat hy dit nie self nagesien en getoets het nie.

Die Central Garage staan vandag nog op dieselfde plek, maar daar word nie meer voertuie verkoop nie. Nollie Engels gebruik dit tans as 'n perseel vir sy paneelkloppery.

Oom Jan Stilsit

Langs die Central Garage, nog aan die noordekant van die straat, was die huis Tydelik, waar eers Oom Gert van der Merwe en daarna Oom Jan Hanekom gewoon het. Oom Jan was nie 'n baie haastige man nie en was bekend as 'Oom Jan Stilsit'. Oom Jan het onder

andere sementstene vervaardig en verkoop. Toe ek al 'n jongman was en op my plaas, Quarta, geboer het, wou ek daar 'n bouery aanpak. Ek het na sy stene gaan kyk daar langs die kerkhof waar 'n kleurling hulle vir hom gemaak het. Daar die stene vir my bra sanderig voorgekom het, het ek die kleurling gevra hoe sterk hy die mengsel aanmaak. Hy het my verseker dat hy een deel sement op vier dele sand gebruik, maar ek wou nie aan die aas byt nie en het daar rondgedrentel totdat hy weer 'n nuwe treksel meng. Dit blyk toe dat hy een klein handgemaakte kissie sement by vier kruiwavragte sand gooi. Ek het toe maar my stene op 'n ander plek gaan soek.

Oom Danie Kotze se skoenwinkel

Op die noordoostelike hoek van Buckland- en die Voorstraat was Oom Danie Kotze se huis en skoenwinkel. Hy was eers 'n skoenmaker wat uitstekende werk verrig het, maar nadat hy met Jan Theron se suster, 'n nooi van Moorreesburg, getroud is, het hy die skoenmakery gestaak en die skoenwinkel oopgemaak. Hy leef ook vandag nog en is in sy tagtigerjare.

Oom Johnny Marais, prokureur

Oorkant die straat, op die suidwestelike hoek van Buckland- en die Voorstraat, was 'n woonhuis wat Oom Boy Conradie gebou het en waarin hy gewoon het nadat hy sy snyersbesigheid langs die Van Bredabrug verkoop het. Hierdie huis is later deur Oom Johnny Marais gekoop toe hy as prokureur sy intrek op Ceres kom neem het. Hy was 'n kort mannetjie wat die destydse nou broekies knap en kort bokant sy stewels gedra het. Sodoende het hy gou die bynaam 'Johnny Kortbroek' verwerf.

Oom Johnny was baie suinig. In sy praktyk het hy daarvoor gesorg dat hy die laaste stuiwer uit 'n transaksie put. So het Oom Robert Zulch van die plaas Perdefontein een Vrydag van die stasie af teruggekeer, al smagtende na 'n drankie, maar sonder 'n pennie geld op sy persoon. Hy klop toe by Oom Johnny aan en leen by dié £1, met die belofte dat hy dit die Maandag weer sou terugbetaal. Toe hy, getrou aan sy belofte, die Maandag by Oom Johnny opdaag om sy skuld te vereffen, moes hy tot sy verbasing verneem dat daar 'n sikspens rente op die lening betaalbaar was!

By 'n ander geleentheid het Oom Johnny by Paul Louw daar by sy motorhawe besoek afgelê om laasgenoemde oor 'n besigheidstransaksie te spreek. Soos die noodlot dit wou

hê, was die brandstofleweransiers juis op daardie oomblik besig om die ondergrondse tenks vol te maak. Die mangate se deksels was vir dié doel verwyder. Oom Johnny het nie gekyk waar hy loop nie, in een van die gate geval, en sy been gebreek. Oom Johnny het daarop aangedring dat Paul die verantwoordelikheid vir sy ongeluk moes aanvaar, en Paul was, ondanks die feit dat hy Oom Johnny se kliënt was, genoodsaak om al die mediese onkoste asook ander verbandhoudende uitgawes aan Oom Johnny te vergoed.

Oom Johnny het twee aangenome kinders, 'n dogter, Alberta, en 'n seun, Bert, gehad. Alberta was 'n mooi kort, gesette dame met 'n blosende gelaatskleur.

Pietie Cillié het later Oom Johnny se woonhuis gekoop en hy het 'n lang tyd daar gewoon. Vandag is die perseel deel van die Hoërskool Charlie Hofmeyr se gronde.

Die stadsklerk se huis

Op die noordwestelike hoek van Buckland- en die Voorstraat het mnr Spies, die stadsklerk, gewoon. Sy seun, Gert, was een van die karnallies op die dorp wat gedurig in die moeilikheid beland het.

Mnr Spies is later deur mnr Larkin as stadsklerk opgevolg maar dié het nie 'n baie gelukkige lewe op Ceres gehad nie. Hy het baie geld op perderesies verwed, en toe die munisipaliteit hulle kom kry, was daar fout met die stadsraad se boeke.

Mnr Larkin is op sy beurt deur Oom Johnny Louw as stadsklerk opgevolg. Oom Johnny het hierdie betrekking baie jare beklee. Hoewel hy baie konsensieus was, was Oom Johnny daarvoor bekend dat hy die deurmekaarste lessenaar gehad het wat jy jou kan voorstel. Hy het elke aand na werk met 'n arm vol boeke en papiere huis toe gestap sodat hy die dag se werk daar kon voortsit, maar ten spyte van sy vlytigheid het hy blykbaar nooit daarin geslaag om sy werk op datum te kry nie. Oom Johnny was egter 'n goeie mens en was Ceres se amptelike korrespondent vir *Die Burger*, maar het swaar gedra aan die kritiek wat so mildelik oor die munisipaliteit uitgespreek is.

Oom Attie van Niekerk

Langs mnr Spies se huis was Oom Attie van Niekerk se motorhawe waar hy eers Chevrolet- en later Dodge-motors verkoop het. Voordat White Horse van Niekerk sy motor-

hawe suid van die Dwarsrivier, op die hoek van Fabriek- en die Voorstraat gebou het, het hy by Oom Attie gewerk. Sover ek weet, was hulle nie familie van mekaar nie.



45 Oom Attie van Niekerk se motorhawe met oom Attie regs

Die Dodge-motors van daardie dae was enig van hul soort omdat 'n mens nie die selfaansitter kon hoor wanneer die motor aan die gang gesit word nie. Hulle het, in der waarheid, nie 'n selfaansitter gehad nie, maar slegs 'n baie sterk ontwikkelaar waardeur die krag in die teenoorgestelde rigting gestuur is om die enjin te draai. Al hierdie motors was swart, net soos die Pedal Fords van daardie dae.

Hier, aan die noordekant van die Voorstraat, het die dorp geëindig, want die landdros se huis was toe nog nie daar nie. 'n Bietjie verder aan na Rooikrans se kant toe het 'n pragtige populierboom hoog na die hemel gereik. In die herfs het die goudkleurige blare pragtig teen die Rooikrans as agtergrond afgesteek. Ek het op een of ander plek 'n skildery gesien wat hierdie asemrowende toneel uitbeeld.

Die 'Mountain Rose'

Reg oorkant Oom Attie van Niekerk se motorhawe, aan die suidekant van die Voorstraat, het mev Puch (spreek uit Peeu) haar losieshuis, Mountain Rose, gehad. Hier het vyf onderwyseresse loseer wat onder die jongkêrels van die dorp as die 'Vyf Rose' bekend gestaan het. Die onderwyseresse aan wie hierdie romantiese titel toegeken is, was Kotie Burger, Via Human, Louise Malan, Bettie Lombard, en Elize Morkel.

Nadat mev Puch die losieshuis gesluit het, het die Vyf Rose by mev Deetlefs op die suid-

westelike hoek van Buckland- en Phillipstraat gaan loseer en die vryersklonge het hulle soontoe gevolg. Nog later het die Vyf Rose weer oorgetrek na die oostekant van die Dwarsrivier, na mev Duvenhage se losieshuis Oakfield, wat op die noordwestelike hoek van Munnik- en Pinestraat geleë was. Selfs met hierdie derde trek kon hulle nie die vryers afskud nie. So is Kotie Burger in 1942 met my getroud, Bettie Lombard met Charles Van Zyl, Via Human met Willie Conradie en Elize Morkel met 'n sekere mnr Le Clerque. Louise Malan is baie later as die ander Rose getroud, en wel met Phillip (Basie) Malherbe, broer van Pieter Malherbe van die plaas Ezelsfontein. Kotie is in 1955 oorlede en Via in 1988. Ten tye van hierdie skrywe het die ander drie Rose na my beste wete nog geleef.

Mev Puch het later haar losieshuis Mountain Rose verkoop aan mev Van der Heever, wat dit in 'n bakkery omskep het. Mev Van der Heever was nie net bekend vir haar lekker brood nie, maar ook vir die lekker koeke en ander lekkernye wat sy daar gebak het.

Daarmee het ons wandeling deur die Voorstraat van die Ceres van eergister tot 'n einde gekom, maar dit is maar 'n klein deeltjie van die herinneringe wat ons soos 'n kleinood deur die jare bewaar het. Daar was nog 'n hele klomp Ceresiete wat elders in die dorp gewoon en gewerk het, en oor wie daar nog baie interessante staaltjies te vertelle is.

In die volgende hoofstuk vertel ek u van twee gesinne wat destyds op plase net buite Ceres se noordelike grens gewoon het en met wie ek as kind baie goed bevriend was.

5

Plase by Ceres se noordelike ingang

Schoonvlei

Schoonvlei is een van Ceres se oudste plase en is net noord van die dorp, aan die westekant van Hamletweg (die uitbreiding van Vosstraat wat die hoofpad na Prince Alfred's Hamlet word) geleë. Die pad na die plaashuis het afgedraai net anderkant 'n hoogtetjie op Hamletweg wat in die dae van die perdekar die eerste rusplek van Ceres af was waar die reisiger stilgehou het om sy perde 'n blaaskans te gee. Dié hoogtetjie het amptelik die naam Schoonvlei Halte gedra, maar het alom as Sopieshoogte bekend gestaan.

Volgens oorlewering het Sopieshoogte sy naam ontleen aan die volkies wat destyds te voet van Ceres na Prince Alfred's Hamlet geloop het en gewoonlik eers 'n wyle op dié hoogtetjie vertoef het om 'n bietjie te rus. By dié geleentheid is die wynbottel wat op die dorp gekoop is se prop verwyder om 'n versterkinkie vir die pad vorentoe agter die blad te sit.

Schoonvlei was voorheen deel van die plaas Rietvallei en word op vroeë landkaarte as De Oude Opstal aangedui. In daardie tyd was dit die eiendom van Petrus Jacobus François Wolfaardt, alom bekend as Oom Piet Wolfaardt. Oom Piet was getroud met Anna Maria Magdalena Wolfaardt, maar dit is nie bekend of hulle familie van mekaar was nie. Oom Piet het later Schoonvlei vir £3 000 verkoop en hom op die plaas Dubbelbreed aan die oostekant van Ceres gaan vestig.

Of Oom Piet Schoonvlei aan Ou Oom Nicolaas en Ant Wiesie Deetlefs verkoop het, weet

ek nie, maar hulle was later die eienaars van dié plaas. (Ant Wiesie se regte name was Anna Louisa, maar almal het haar 'Ant Wiesie' genoem.) Hulle het in Schoonvlei se pragtige rooibaksteen-opstal met sy wit stoeppilare, wat ná Oom Piet Wolfaardt se tyd gebou is, gewoon. Dié opstal kan vandag nog van Hamletweg af gesien word en skep 'n pragtige prentjie daar op die bult anderkant die riviertjie, met die blou berge as agtergrond. Later, na Ou Oom Nicolaas se dood, het sy broer, P A Deetlefs, alom bekend as Oom Pietjie, in die groot opstal ingetrek.

Ou Oom Nicolaas se een seun, ook Nicolaas (ons het hom Oom Nicolaas genoem), het ook later op Schoonvlei geboer en vir hom 'n ander huis 'n entjie suid van die ou opstal gebou. Hy is met Ant Bettie van der Merwe van die plaas Moerasvlei (later Boplaas) in die Kouebokkeveld getroud. Daar Ant Bettie 'n suster van my ouma was en haar kinders my eie kleinneefs en kleinniggies was, het ek 'n noue verbintenis met hierdie Deetlefsfamilie gehad.

Ek het dikwels vir 'n paar dae op Schoonvlei gaan kuier en dit is van my soetste herinneringe uit my kinderdae. Die oudste seun, weer eens Nicolaas, wat tot 1990 op dié plaas geboer het toe hy op 81-jarige leeftyd oorlede is, was vyf jaar ouer as ek. Ek onthou hom as die hardwerkende seun van die plaas. Sy jonger broers, Andries, Isak en Jan, was my speelmaats. Hulle suster, Marie, was maar altyd besig om haar moeder met die huiswerk te help.

Ons kinders het dikwels vir Nicolaas, die ouer broer, koffie land toe geneem waar hy besig was om te ploeg, en ek onthou nog hoe ek met bewondering na daardie twee sterk arms gekyk het wat die ploeg so onverbiddelik op koers kon hou. Die sweet het op sy voorkop gepêrel en die muggies het lastig om hom gezoem en in sy ore gekruip. Daar was nog nie termosflesse in daardie dae nie en die hoë blou enêmmel emmertjie met sy lang hingseltjie moes vinnig by hom besorg word voordat die koffie koud word.

Ons seuns het in die buitekamer geslaap wat aan die huis gebou was. Toegang tot dié kamer was deur middel van 'n deur van die agterstoep af. Daar was 'n groot dubbelbed en 'n enkelbed in die kamer en ons het die beddens somar soos sardientjies van 'n kant af volgemaak.

Die lekkerste van my kuiers op Schoonvlei was dat ek nie nodig gehad het om elke aand te bad en my tande te borsel soos Moeder my by die huis laat doen het nie. Hier kort by die agterstoep het 'n sementwaterslootjie oor die klipgeplaveide werf geloop en ons het somar saans ons kaalvoete daarin afgespoel en afgedroog en dan was ons gereed vir slaap. Daar was ook nie sulke gestyfde lakens op die bed soos tuis nie, en dit was tog te lekker

om jou so in die komberse toe te woel en styf tussen jou maats te lê. Dis mos nie so allenig soos wanneer jy op jou eie bed slaap nie.

Die oudste broer, Nicolaas, moes vroeg opstaan om te gaan werk, maar ons ander kinders het soggens bly lê totdat Marie vir ons koffie gebring en uit die bed geboender het sodat sy die kamer aan die kant kon maak.

Oom Nicolaas het soms vir ons kinders werkies op die plaas uitgedeel, maar veral Andries het nie daaraan geglo om homself moeg te maak as dit vermy kon word nie, en het homself meestal lekker uitgedraai. Isak, aan die ander kant, was 'n sieklike seun en stil van geaardheid, miskien omdat hy nie altyd by ons kon byhou nie, maar hy was baie gaaf en sou nie 'n vlieg leed aandoen nie.

Jan het egter, wat energie en kwaaddoen betref, vir altwee dié broers van hom vergoed en daar was geen einde aan sy streke nie. Hy moes die beeste soggens veld toe jaag en saans weer gaan haal, en het allerhande planne bedink om die takie so gou moontlik afgehandel te kry. As die beeste nie vinnig genoeg na sy sin wou loop nie het hy een van die koeie se stert in die hande gekry, die punt dubbel gevou en geknak, en dan moes jy sien hoe haastig daardie bees die pad vat!

Jan se voete was hard en skurf en het soos twee skilpaaie gelyk. 'n Doring het nie 'n kat se kans gehad om deur sy voetsool te steek nie en daardie platdorings van destyds het hy net platter getrap. Omdat hy so fris was, het ons hom 'Jan Boekies' genoem. Almal, insluitende sy skoolmaats, was maar lugtig vir Jan Boekies. Hoewel hy ons nooit geboelie het nie, moes jy nie onnodig met hom gaan staan en skoorsoek nie. By tye wanneer ons met 'n tennisbal sokker gespeel het, was dit ons hoofdoel om die teenstanders van die bal af weg te skop eerder as om die bal self te skop. Wanneer Jan met sy twee kaalpote in die bondel ingevlieg het, het hy in 'n japtrap somar so 'n groot kom om hom oopgeskop.

Wanneer die familie nie op 'n Sondag kerk toe gegaan het nie, het Oom Nicolaas self 'n diens in die voorhuis gehou. Nadat daar uit die Bybel gelees en 'n boodskappie gegee is, moes elkeen voor sy stoel op die vloer kniel, met sy elmboë op die stoel se sitplek, sodat die Oom 'n gebed kon doen.

Terwyl Oom Nicolaas een Sondag weer aan die bid was – en hy kon lank bid – hoor ek hoe Jan Boekies kort-kort saggies hier langs my giggel. Toe ek so skelmpies loer om te sien wat aan die gang was, sien ek dat sy geliefkoosde skipperhondjie onder sy stoel lê sodat net sy snoetjie langs die stoel uitsteek. Jan het dan 'n groot druppel spoeg bymekaar gemaak en dit mooi op die hondjie se snoetjie laat drup. Die hondjie het dan die nattigheid met sy voorpootjie van sy snoetjie afgevee, kompleet soos 'n kat wat sy gesig was, en

daarna weer ewe rustig gelê – totdat die volgende blerts kom. Hierdie proses is oor en oor herhaal totdat die gebed ten einde gekom het. Hoewel Oom Nicolaas baie mooi kon bid, kon ek nie veel van daardie oggend se gebed onthou nie.

Een keer per jaar het Oom Nicolaas ons kinders saam met hom met die voetpad langs oor die berg geneem om te gaan heuningbostee pluk. Ons is dan vroeg die oggend, elkeen met sy suikersakkie in die hand, van die plaas af weg, vanwaar ons oor die eerste bergreeks van die Skurweberg geklim het tot in die kloof bokant die plek waar die munisipale dam later gebou is. Op dié plek het daar nog die murasie van die ou plaashuis van die Van Stadens wat vroeër daar geboer het, asook 'n paar vrugtebome wat deur die bobbejane geplunder is, gestaan. Die Van Stadens het 'n ruk lank onder moeilike omstandighede op hierdie plasie geboer, maar het later die stryd teen die bobbejane gewonne gegee en dorp toe getrek. Al manier waarop die mense destyds op dié plaas kon kom, was met behulp van pakdonkies wat dieselfde voetpad waarlangs ons dié dag gekom het, moes neem. Andersins kon mens, ook met behulp van pakdonkies, van Ceres af deur die klofie waar die opgaardam vandag is, en daarvandaan met die vallei tussen die berge opklim.

Daar het ons dan heuningbostee gepluk totdat ons suikersakkies vol was. Nadat ons geëet het, is die terugtog weer aangepak sodat ons die agtermiddag laat weer op Schoonvlei kon terug wees. Voordat die tee wat ons gepluk het, drinkbaar was, moes Ant Bettie en Marie dit eers 'sweet'. Hierdie heuningbostee is die lekkerste tee wat ek ooit in my lewe gedrink het.

Baie jare later, toe ons al op hoërskool was, het Oom Nicolaas 'n tweedehandse Peerless-motor by Oom Flip du Plessis gekoop. Omdat Oom Nicolaas aanvanklik nie kans gesien het om dit te bestuur nie, het dit op sy seun, Andries, wat in dieselfde klas as ek op skool was, se skouers geval om die motor te leer bestuur. Namate sy bestuursvernuf toegeneem het, het Andries soms op 'n Vrydag- of Saterdagaand na donker skelmpies die motor gegaps om te gaan kuier. Intussen het Oom Nicolaas ook self geleer om die motor te bestuur, maar met minder sukses.

Een Saterdagaand toe Andries weer skelmpies met die motor by sy meisie op die dorp gaan kuier het, het hy dit onder 'n lamppaal parkeer. Sy kuiertjie en veral die nagsê-gedeelte het taamlik lank geduur en toe hy uiteindelik weer by die motor terugkom, gewaar hy tot sy ontsteltenis 'n lelike duik in die motor se agterste modderskerm. Die enigste afleiding wat hy kon maak, was dat iemand die motor tydens sy lang afwesigheid moes gestamp het. Wat duidelik was, was dat hy nie die motor in dié verrinneweerde toestand huis toe kon neem nie.

Hy gaan klop toe vir Oom Flip du Plessis wakker en oorreed hom om die duik somar dieselfde nag nog uit te klop. Hulle het tot vroegoggend geswoeg om die takie af te handel, met die gevolg dat Andries in die vroeë oggendure 'n ongeskende motor in die waenhuis op die plaas kon gaan intrek.

Dié Sondagoggend het Oom Nicolaas homself klaargemaak om met die motor kerk toe te ry. Toe hy na die waenhuis stap, het Andries hom angstig deur die venster dopgehou. Toe die Oom die waenhuisdeur oopmaak, steek hy verdwaasd in sy spore vas, buk eers daar by die agterste modderskerm, en staan daarna weer terug om die motor mooi teen die lig te kon beskou.

Andries, wat toe al in groot nood verkeer het omdat hy gedink het dat sy pa die nasleep van die nagtelike duikkloppery raakgesien het, se moed het verder in sy skoene gesak toe Oom Nicolaas skielik omdraai en hom naderroep. By die waenhuis aangekom, kon hy kwalik sy ore glo toe Oom Nicolaas vir hom sê: 'Andries, nou kan ek die ding glad nie verstaan nie. Gisteroggend, toe ek die motor uitgestoot het, het ek in daardie eikeboom vasgery en 'n yslike duik in die modderskerm gekry, maar nou makeer die kar dan niks nie!' Ek wonder tot vandag toe wat Andries se antwoord was.

Nadat Andries die skool verlaat het, het hy as diamantspeurder op Alexanderbaai gaan werk. Daarna het hy weer op Ideaal, 'n deel van Schoonvlei, kom boer, waar hy vandag nog woonagtig is. Isak het later na Vredendal verhuis waar hy getroud is en ook deeltyds geboer het. Hy is later daar oorlede. Jan Boekies het tot sy dood op Blouberg, ook 'n gedeelte van Schoonvlei, geboer. Marie is ook later getroud en het lank op Ceres gewoon totdat sy kort na Nicolaas oorlede is.

Die Sarembock-broers

Daar was destyds drie Sarembock-broers, Joseph, Jack en Louis, wat op plase wat aan die noordekant van Ceres gegrens het, geboer het.

Joseph, alom bekend as Joe, wat vermoedelik saam met sy broers uit Pruise na Suid-Afrika geïmmigreer het, se plaas se naam was dan ook heel gepas, Klein Preuss, ook bekend as Little Prussia. Little Prussia was aan die noordelike buitewyke van Ceres, regoor die plaas wat vandag as Vreeland bekend is, geleë. Joe se vrou, ook 'n Jodin, het die mooiste Afrikaans gepraat wat ek ooit van 'n uitlander gehoor het. Sowel haar uitspraak as grammatika was bykans perfek en sy het menige Afrikaner met haar suiwer taalgebruik in die skande gesteek.

Joe Sarembock was een van die pioniers van Ceres se sagtevrugtebedryf. Voordat hy na Suid-Afrika geïmmigreer het, het hy eers twee jaar lank in Kalifornië in Amerika op 'n plaas gaan werk waar hy hom op hoogte van appel- en peerboerdery gebring het.

Na Joe se dood het sy seun, Nathan, wat, soos reeds berig, een van Gus van der Merwe se vriende was, die boerdery oorgeneem, maar hy het sodanig agteruit geboer dat die plaas later verkoop moes word. Nathan het in die Tweede Wêreldoorlog as soldaat op 'n troepeskip wat deur die Duitsers gekelder is, gesterf.

Jack Sarembock het op lang termyn 'n stuk van Schoonvlei se grond van die Deetlefse gehuur en daar met pruime geboer. Hy was bekend as Ceres se 'Kelseykoning'. Kelsey was een van die gesogte pruimvariteite van daardie tyd.

Louis het op 'n plaas Vredebest, 'n entjie van Ceres af op die Calviniapad, met sagtevrugte geboer. Die grond in daardie omgewing is egter nie baie geskik vir sagtevrugte nie, met die gevolg dat hy maar later tou opgegooi en die plaas verkoop het. Louis het net twee dogters gehad.

In die volgende twee hoofstukke wil ek u graag op 'n wandeling deur die dorp neem en u voorstel aan enkele van die mense wat in die twintigerjare in Ceres woonagtig was.

6

Ander Ceresiete oos van die Dwarsrivier

Ons huis in Fabriekstraat

Ek is in 1913 in Fabriekstraat gebore, daar bo-op die bult in die laaste huis wat destyds aan die westekant van die straat gestaan het. Lank daarna is daar ook 'n huis langs ons s'n op die suidwestelike hoek van Fabriek- en Porterstraat gebou, maar in die tyd waarvan ek skryf was dié perseel 'n groot tuin.

In my herinneringe was alles so groot, soveel groter as vandag. Die groot agterplaas waar ek as kleuter gespeel het, die tamaai tuin met sy vrugtebome en groente, die klossit wat doer ver van die huis af in die tuin gestaan het en – dan het die paadjie van die huis af soontoe nogal glad geraak op reëndae! Dit alles, buiten die klossit, staan vandag maar net op 'n gewone erf en ek kan nie verstaan wat van al die ruimte geword het nie.

Wat ek wel vandag kan verstaan is waarom Vader so gesukkel het om sy 1919-model T-Ford in die agterplaas omgedraai te kry, en waarom hy met sy 1924-model Maxwell 'n stuk van die druiweprieel saamgevat het straat toe.

Een van my eerste herinneringe was die houtkruiwa met sy houtwiel wat onderstebo onder die vyeboom in die agterplaas gelê het, en hoe ek pens en pootjies daarop geklim het en die wiel met my hande om en om laat draai het. Ek moes bitter klein gewees het, want ek het hoog in die lug gesit.

Ek het niemand gehad om mee te speel nie want my suster, Mona, was byna sewe jaar

ouer as ek, en my broer, Joubert, was nog nie gebore nie. Ek onthou die nag toe Joubert in 1918 gebore is. Vader het my kom wakkermaak en op sy arm na die kamer gedra om met trots my nuwe boetie vir my te wys. Ek was bra teleurgesteld want hy het nie eintlik vir my na 'n mens gelyk nie, en sou beslis nie met my kon speel nie. By navraag het Vader my meegedeel dat die ooievaar hom gebring het. My belangstelling het eintlik meer by die ooievaar gelê en op my versoek om dié te mag sien, het Vader verduidelik dat die ooievaar ongelukkig reeds vort was om nog babas te gaan aflewer. Ek het gewonder of die ander babas almal so lelik soos my boetie, Joubert, was.

Ek het nog ryke herinneringe aan die dorpsmense wat in ons omgewing aan die oostekant van die Dwarsrivier gewoon het. Dié herinneringe is saamgebondel in my jonglewe – vanaf jong kind, opgeskote seun tot jong man. Soms oorskry my vertellinge die limiet van die dertigerjare wat ek vir hierdie deel van my skrywe gestel het, maar dit is nou maar eenmaal so dat mens se wedervaringe in die lewe nie kunsmatig afgebaken kan word nie.

Die beskrywing van my herinneringe aan sommige van die mense van die 'onderdorp', dié wat destyds aan die oostekant van die Dwarsrivier gewoon het of bedrywig was, begin by die riviertjie wat toe nog deel van Cillierstraat gevorm het. Daarna werk ek geleidelik my pad deur verskillende strate op na die klein bruggie, Lovers' Bridge, wat die Dwarsrivier aan die noordekant van die dorp oorspan.

Mnr Isaac Raskin

Die Raskin-gesin het nie ver van ons af nie, langs die riviertjie op die noordwestelike hoek van Pine- en Cillierstraat, gewoon. Mnr Raskin was die eienaar van die koeldrankfabriek in die bo-dorp aan die westekant van die Dwarsrivier, in New Street, regoor die kerkhof. In daardie dae het die koeldrankbottels nog glasalbasters in hul nekke gehad wat as proppe gedien het. Hierdie glasalbasters het as uitstekende ghoene vir albasterspeel gedien en derhalwe het ons menige leë koeldrankbottel se nek vir hierdie doel stukkend geslaan.

Mnr Raskin en sy vrou het die resep geken om binne rekordtyd 'n groot kroos tot stand te bring, en dit het hulle nie lank geneem om 'n lang ry koppies staan te maak nie. As gevolg van die snelle gesinsaanwas het hy finansieel (en moontlik ook andersins) baie swaar gekry. Die groot Jodegemeenskap op Ceres het hulle egter getrou bygestaan en gehelp om die mas op te kom. Dit het vir ons andersgelowiges as 'n voorbeeld gedien om te sien hoe naasteliefde en -hulp uitgeleef moet word.

Oom Andries Louw

Nie ver van die Raskin-gesin af nie, op die suidwestelike hoek van Porter- en Cillierstraat, het Oom Andries Louw gewoon. Hy was een van die vele huurmotoreienaars (ons het toe nog nie van 'taxi's' gepraat nie) van Ceres.

Daar het gewoonlik twee treine per dag heen en terug tussen Wolseley en Ceres geloop. Die stasie was destyds daar by die gholfbaan teen die voet van die Skurweberg, aan die suidwestelike eindpunt van die dorp. Passasiers was op huurmotors aangewys om na en van die stasie vervoer te word. Met die aankoms van 'n trein by die stasie het daar 'n hele aantal huurmotors gereed gestaan, en die bestuurders het dan die passasiers bestorm soos hulle van die trein afklim om hulle vervoerdienste aan te bied. Party het daarin geslaag om klandisie te kry, terwyl ander maar weer droëbek moes terugry.

Destyds was daar maar min Ceresiete wat hulle eie motors besit het en die trein was derhalwe die algemene vervoermiddel vir langafstandreise. Diegene wat na Kaapstad vir besigheid of wat ook al wou gaan, kon die oggend per trein van Ceres af vertrek en die aand weer op dieselfde wyse terugkeer. Indien hulle 'n trein in Kaapstad gehaal het wat te laat op Wolseley aangekom het om 'n verbinding na Ceres te kry, is daar 'n huurmotor gereël om hulle op Wolseley te gaan haal.

Die huurmotor was dus 'n onmisbare deel van die vervoer van reisigers in daardie dae en daarom is dit te verstane dat dit 'n winsgewende bedryf was waarin heelwat mense wou deel.

Oom Andries het 'n kleurlingbestuurder gehad wat hom gehelp het om die passasiers te vervoer. Een Sondag toe ek en Oom Andries se seun, wie se naam ook Andries was, op pad huis toe was van Sondagskool, het die kleurling met die huurmotor van 'n rit af teruggekom en ons langs die pad opgelaai. Ek het op die agterste bank gesit terwyl Klein Andries en die bestuurder op die voorste sitplek so aan die gesels geraak het dat hulle skoon van my vergeet het. Toe hulle by ons huis verbyry, besluit ek om hulle nie in hulle gesprek te steur nie, en klim somar daar goedsmoeds so in die ry agterstevoor uit die motor uit. Ek het my byna disnis geval en in die proses my 'sailor suit' bykans onherkenbaar geskend, maar my plan het gewerk want die huurmotor het doodluiters voortgesnel. Dit was nie lank daarna nie toe Klein Andries uitasem by ons huis aangehardloop gekom het om te verneem wat van my geword het, want hulle het my eers vermis toe hulle by Oom Andries se huis aangekom het. 'n Engeltjie moes my seker maar bewaar het.

Oom Andries en Ant Betta

So skuins oor ons huis in Fabriekstraat het Oom Andries en Ant Betta gewoon. Ek kan nie hulle van onthou nie want ek was nog te klein. Oom Andries was so'n klein mannetjie en Ant Betta was groot en geset, en as ek sê geset, dan bedoel ek gesêt. Hulle was twee rustige ou mense en het gereeld 'n entjie met hul tweedisselboomkarretjie en perd gaan ry. Vir hierdie doel het Oom Andries sowel Ant Betta as die perd goed afgerig om die regte prosedure te volg.

Oom Andries het eers die perd opgetuig maar die disselbome nog los op die grond laat lê. Daarna het Ant Betta die karretjie, met sy hulp, al sukkelende bestyg. Eers dan het Oom Andries die disselbome opgelig sodat die perd mooi agteruit tussen hulle in kon terugtree. So gedaan, het Oom Andries die stringe vasgemaak en die karretjie bestyg. Daarna het hulle op 'n statige draffie in die straat af vertrek.

Die kwaaijongens van die omgewing, onder wie ook my vader, kon egter selde die versoeking weerstaan om Oom Andries en Ant Betta se uitstappie te saboteer. Eendag byvoorbeeld het hulle die karretjie se sitbankie skelmpies losgemaak, agtertoe geskuif en dit weer vasgeskroef. Oom Andries was natuurlik salig onbewus van hierdie aanpassing. By geleentheid van die volgende ritjie het die kwaaijongens op 'n afstand die beproefde prosedure staan en dophou, en toe Ant Betta oudergewoonte met 'n plof op die bankie plaasneem, slaan die karretjie runs agteroor en Tant Betta verdwyn, voete laaste, uit die gesigsveld. Kastig erg geskok het die kwaaijongens die egpaar te hulp gesnel. Oom Andries het egter eers vlugtig agter die karretjie om geloer, sy hande haltend in die lug opgesteek en gesê: 'Wag eers so 'n bietjie, kêrels, Ant Betta lê bietjie sleg.'

Daar Oom Andries se erf met 'n helling na agter geloop het, moes 'n mens met 'n stuk of ses betontreetjies van die agterdeur af na die werf afklim – 'n oefening wat Ant Betta kortasem gelaat het. Teen die huis se agtermuur was 'n druiweprieel wat in die somer sulke groot, sappige rooi druiwe gedra het. Oom Andries en Ant Betta kon egter maar min van hierdie pragtige druiwe te ete kry, omdat die kwaaijongens hulle gereeld daarmee voorgespring het.

Een betrokke jaar het die kwaaijongens weer oudergewoonte een nag die prieel kaalgestroop, met die uitsondering van een groot tros wat hulle reg teen die agterdeur bokant die treetjies laat bly hang het. 'n Onvergenoegde Oom Andries het die volgende oggend die buurt in kennis gestel dat die persoon wat hierdie tros, wat hy spesiaal vir hom en sy vrou wou laat ryp word, sou probeer gaps, summier doodgeskiet sal word. Hierdie

waarskuwing het klaarblyklik op dooie ore geval want toe Oom Andries die volgende oggend die agterdeur oopmaak, was die tros druiwe weg – net die pitte, doppe en stengel van die tros het daar op die treetjies, waar die booswig sy maal genuttig het, gelê.

Daar die meeste van die huise in ons buurt huurhuise was, het die inwoners van tyd tot tyd gewissel, maar sekeres het wel blywende herinneringe gelaat. Mnr Greyling, 'n geregsdienaar, het later in Oom Andries se huis ingetrek, en ná hom mnr Conradie, die posmeester van wie ons reeds vertel het.

Oom Esterhuysen, transportryer

Op die noordwestelike hoek van Fabriek- en Pinestraat het die Esterhuysens gewoon. Oom Esterhuysen het transportwerk met 'n wa en span donkies gedoen. Ek het graag by hulle gaan kuier want die oom en tante was danig erg oor my. Die tante het my gereeld met haar lekker tuisgebakte beskuit bederf.

Toe Oom Esterhuysen een namiddag goedere op Little Prussia, Joe Sarembock se plaas, moes gaan aflewer, het ek oudergewoonte weer daar gekuier en gevra of ek mag saamry. Hy het ingewillig mits my moeder toestemming sou verleen. Ek het toe gou na ons huis toe gehardloop, maar eintlik net om voor te gee dat ek vir Moeder sou gaan vra, wat ek in der waarheid nie gedoen het nie daar ek oortuig was dat sy my versoek sou weier. Toe ek van ons huis af terugkom, was die Oom al op pad en het hy my somar so in die ry op die wa getel. So het dit dan gebeur dat niemand in die buurt geweet het dat ek saam met Oom Esterhuysen weg was nie.

Ek het die rit baie geniet en dit was al sterk skemeraand toe ons tuiskom. Teen dié tyd was die hele buurt se mense reeds angstig besig om na my te soek. Vader het my opgeraap, in sy arms geneem en hom na Moeder, wat toe al in trane was, gehaas. Sy het my hartstogtelik omhels en geliefkoos. Ek kon glad nie verstaan waarom almal so ontsteld was nie, maar het tog ook besef dat ek die verkeerde ding gedoen het. Tog het ek geen raas gekry omdat ek stout was nie. Dit was my eerste groot ondervinding van wat ouerliefde werklik beteken.

Vader het later, nadat almal tot bedaring gekom het, mooi met my gepraat en my vertel hoe ontsteld hulle was omdat hulle nie geweet het waar ek was nie. Hy het verduidelik dat hulle nie geweet het of ek dalk iets ernstig oorgekom het of dalk dood was nie. Vader het my laat belowe dat ek nooit weer êrens sou gaan sonder om vooraf te vra of te sê waarheen ek gaan nie, 'n belofte wat ek tot vandag toe nakom.

Oom Sarel du Plessis

Oom Sarel du Plessis, 'n broer van Oom Flip du Plessis, het verder suid van ons huis, ook in Fabriekstraat, gewoon. Hy was met Ant Hannie getroud en hulle het een dogter, Vera, gehad.

Ant Hannie was vreeslik gesteld op die netheid van haar huis en die vloere het altyd soos 'n spieël geblink. Daar was nie veel matte in die huis nie en sy het die vloere op haar knieë gepoleer. Almal het geweet dat wanneer jy by Ant Hannie in die huis was, sy weer vinnig die vloere agter jou gaan poleer het, of jy nou spore getrap het of nie.

Hoewel Oom Sarel Maxwell- en later ook Chrysler- en Plymouth-motors verkoop het, het hy nie 'n motorhawe in die ware sin van die woord gehad nie, maar slegs 'n werksplekkie waar hy self motors versien het. By geleentheid het hy 'n Chrysler Imperial aan dr Munnik (van wie later meer vertel word) verkoop. Dit was 'n vreeslike windmaker motor en, saam met Oom Sarel, het ek met hierdie motor die eerste keer in my lewe 50 myl per uur gery. Dit was 'n verskriklike gevoel want die pad het so vinnig nader gekom en onder ons deurbeweeg dat ek skoon dronk in my kop geword het. Toe dr Munnik later 'n ander motor aangeskaf het, het Oom Sarel hierdie Chrysler Imperial vir sy eie gebruik by dr Munnik oorgeneem.

Benewens motorhandelaar was Oom Sarel ook 'n kontrakteur wat graan op plase in die omgewing gedors het. Vir dié doel het hy 'n stoomenjin met ysterwiele en 'n dorsbak besit wat in die winter, wanneer dit nie dorstyd was nie, onder 'n afdak wat Oom Sarel aan sy werkswinkel aangebou het, gestaan het. Die afdak het ook as motorhuis gedien.

Eendag het daar 'n bruinman, wat soms vir Oom Sarel by die dorsery gehelp het, van een van die plase af by hom aangekom. Dié was so geswawel dat Oom Sarel hom aangesê het om eers sy roes by die dorsmasjien onder die afdak te gaan uitslaap. Die man moes egter in sy besope toestand probeer het om 'n vuurtjie onder die afdak aan die gang te kry, wat gou hande uitgeruk en 'n brand veroorsaak het waarin sowel Oom Sarel se dorsmasjien as sy Chrysler Imperial uitgebrand het.

Op 'n dag het daar 'n swerm bye op die sypaadjie voor mnr John Buck se huis, op die noordwestelike hoek van Fabriek- en Oranjestraat, ingetrek. Later het Oom Sarel die verantwoordelikheid op hom geneem om die heuning uit die bynes te gaan uithaal. Ek het daar rondgespeel en stap toe heel manhaftig saam met hom om die takie te gaan afhandel.

Oom Sarel het 'n stuk sak aan die brand gesteek om die bye mee uit te rook en die nes versigtig genader, met my kort op sy hakke. Ek weet nie of Oom Sarel die saak verkeerd benader het en of die bye maar net omgekrap was nie, maar hul reaksie op die rook was

nie volgens die boek nie. Toe die swerm bye soos 'n almagtige sarsie koeëls uit 'n outomatiese geweer uit die nes uitbars om die rook te ontsnap, het Oom Sarel teen dieselfde spoed omgevlieg, my eers onderstebo gehardloop en byna disnis getrap, en toe rieme neergelê oor die straat na sy huis toe. Daar ek die agterhoede gevorm het, het ek ook nie op my laat wag nie, haastig weer orent gekom en hom met lang treë tot in hulle voorhuis gevolg waar Ant Hannie die voordeur meesterlik tussen ons en die swerm bye toegeklap het. Ek het nietemin 'n groot aantal bye ten prooi geval en Ant Hannie het haar hande vol gehad om al die angels uit te kry. Vir die eerste keer het ek gevoel hoe seer 'n by kan steek.

Oom At Ungerer

Regoor Oom Sarel, aan die westekant van Fabriekstraat, was 'n woonhuis waarin daar vroeër jare 'n egpaar gewoon het oor wie my Vader baie stories kon vertel. As ek die naam reg onthou, was dit Oom At Ungerer en sy vrou.

Een van Vader se stories was dié van Oom At en die groot griep van 1918. Baie mense op Ceres het die griep onder lede gehad, van wie ook baie gesterf het. Oom At het opsluit geglo dat hy ook griep gehad het en het die wens uitgespreek om op 'n aparte bed te gaan lê om te sterf. Hoe meer dr Munnik hom verseker het dat hy gesond was, hoe meer het Oom At geglo dat hy 'n slagoffer van die griepepidemie was en g'n mens kon hom tot 'n ander oortuiging bring nie.

In dié tyd is daar 'n depot op Ceres gestig om beddens en ander geriewe aan siekes te verskaf sodat hulle van die gesondes geskei kon word om sodoende oordrag van die siekte te probeer voorkom. Oom At het hom nie twee keer laat nooi nie en die pad depot toe gevat om vir hom 'n bed te gaan haal, wat hy ten aanskoue van almal op sy kop huis toe gedra het. Daar aangekom het hy die bed in 'n ander kamer gaan neersit, sy nagklere aangetrek, daarop gaan lê, en homself voorberei om sy Skepper te ontmoet. Oom At het egter, ten spyte van al sy voorsorgmaatreëls, nooit die griep gekry nie.

Die Griffiths-gesin

Die Griffiths-gesin het later, toe ek al in die skool was, in Oom At Ungerer se huis ingetrek. Die oudste dogter, Joyce, was 'n vriendin van my suster, en die twee seuns, Henry en Willie (van wie ek reeds voorheen vertel het), was my maats. Hulle vader was 'n geregsdienaar (of, soos ons in daardie dae gesê het, 'n poeliesman) en was getroud met 'n nooi Van Staden wat afkomstig was van die plasie in die vallei tussen die twee bergreekse

en net bokant Ceres se dorpsdam waar ek as jongeling soms saam met die Deetlefse van Schoonvlei gaan heuningbostee pluk het.

Een van die min dinge wat ek van die Griffiths se huis in Fabriekstraat kan onthou, is die groot suurlemoenboom wat in hulle tuin gestaan het en waarvan ons kinders altyd die vrugte moes gaan pluk. Daar die boom hoog was, moes ons daarin klim en ek kan goed onthou hoe die dorings ons gesteek het.

Mnr John Buck

Dit was voor mnr John Buck se huis op die noordwestelike hoek van Fabriek- en Oranjestraat waar Oom Sarel du Plessis en ek probeer het om die bye van hulle heuning te beroof. Mnr Buck was 'n ouerige man en ek kan nie onthou wat sy nering eintlik was nie. Op die grenslyn van sy erf langs die leivoor het daar 'n digte kweperheining gegroei. Ons kinders het die gewoonte gehad om die kwepers daar te gaan gaps, meestal nog voordat hulle ordentlik ryp was. Om die kwepers in 'n eetbare toestand te kry, het ons hulle eers deeglik op 'n klip gekneus. Mnr Buck was baie kwaai oor sy kwepers en het ons gedurig by sy heining verwilder.

Mnr Buck, wat nie kon swem nie, het later om een of ander onverklaarbare rede 'n klip met 'n tou om sy nek vasgebind en homself in 'Governer's Pool', 'n diep watergat en gewilde swemplek bo in die Skurweberg waaroor later meer vertel word, gaan verdrink.

Raadslid Slabbert

Mnr Slabbert en sy vrou het op die suidoostelike hoek van Fabriek- en Oranjestraat gewoon. Mnr Slabbert was 'n boukontrakteur maar, soos die mense gesê het, 'n ongeslypte diamant, wat deur die mindergegoedes gekies is om op die Munisipale Raad te dien. Hy was 'n moeilike man en van samewerking was daar nie veel sprake nie, veral as 'n Raadsbesluit nie sy goedkeuring weggedra het nie. Toe mev Slabbert byvoorbeeld op 'n keer deur die gesondheidsinspekteur aangesê is om haar wasgoed wat sy op die grensheining langs die straat opgehang het, te verwyder, het die inspekteur hom vir eens en altyd die wrewel van raadslid Slabbert op die hals gehaal.

Die Munisipaliteit het, met die teenstem van raadslid Slabbert, besluit om bome langs Fabriekstraat te plant – 'n besluit wat kort daarna ten uitvoer gebring is. Die aanslag van die bome was goed, maar na 'n tydjie het al die bome in die omgewing van raadslid

Slabbert se huis begin vrek. By nadere ondersoek het dit geblyk dat daar gate in die stamme geboor is waarin waarskynlik gif gegooi is. Die vandaal wat hierdie daad gepleeg het, is egter nooit gevind nie.

By 'n latere geleentheid het raadslid Slabbert die kontrak gekry om 'n gebou se dak te herstel. Toe hy besig was om die die balke te verwyder, het hy die onbesonne ding gedoen om hulle van die ander kant af na sy kant toe los te slaan. Met die loskappery het die hamer die teiken gemis en het hy sy eie voortande in een hou verwyder.

Oom en Tannie du Toit

Aan die oostekant van raadslid Slabbert se huis, in Oranjestraat, het Oom en Tannie du Toit gewoon. Hulle was twee klein mensies, taamlik bejaard, en het die lewe so stil-stil benader sonder om met die ander mense te meng. Die oom was altyd in 'n donker pak klere geklee en het 'n swart hoedjie, die bol in die middel gekeep, gedra. Die tannie met haar lang rokke het weer altyd 'n vaal manshoedjie, op dieselfde wyse gekeep, gedra.

Oom Du Toit was die eienaar van verskeie woonhuise in die omgewing wat hy verhuur het, en aan die einde van elke maand het hulle tweetjies van huis tot huis gewandel om die huurgeld in te vorder.

Die Paetzolds

Mnr en mev Paetzold het suid van raadslid Slabbert, in Fabriekstraat, gewoon. Hulle was 'n ouerige Duitse egpaar wat, soos dit vir ons voorgekom het, in groot mistiek gehul was. Hulle het afgesonderd geleef, geen vriende gemaak nie en selde die huis verlaat. Mnr Paetzold het somtyds na Avalli se winkel gestap om die nodige goedjies te gaan koop, maar vir mev Paetzold het ek nooit buite die huis gesien nie. Ons het vas geglo dat hulle hier vir iets of iemand kom wegkruip het.

Hulle huis se voordeur asook die werkkamerdeur het loergaatjies gehad, met klappies aan die binnekant sodat mens nie van buite af deur die loergaatjies binne in die huis kon inkyk nie. Mnr Paetzold het nooit die deur oopgemaak alvorens hy eers deur die gaatjie geloer het om te sien wie aan sy deur klop nie.

Mnr Paetzold was 'n skrynwerker van formaat. Benewens die pragtigste items, met ingelegde hout versier, wat hy gemaak het, kon hy ook enige fyn herstelwerk met groot vernuf doen. Hy het vir Vader 'n pyprakkie van donker hout gemaak, met Vader se

voorletters in ligte hout daarin ingelê. Een van my vioolstrykstokke wat gebreek het, is deur mnr Paetzold met 'n feitlik onsigbare las herstel.

Daar was ook nog 'n ander Paetzold-gesin op Ceres woonagtig (ek kan nie onthou presies waar hulle gewoon het nie), maar hulle was nie familie van mekaar nie. Hierdie mnr Paetzold het vrugtebome gekweek, gesnoei en geënt en ook daarmee geëksperimenteer. Hy het byvoorbeeld 'n snoeimetode vir vrugtebome gepropageer waarvolgens die bome se vrugteknoppe uitgedun moet word nog voordat die bome begin bot. Dié tegniek, het hy beweer, sou die vrugtebome goed laat dra. Die vrugteboere van daardie tyd het hom uitgelag, maar na al die jare se navorsing is hierdie metode vandag standaardpraktyk by vrugteboere.

Fabriekstraat se smidswinkel

Die eerste smidswinkel wat ek as kind kon onthou was die een wat in Fabriekstraat geleë was, skuins oor die geheimsinnige Paetzolds se huis, en net suid van Oom Lammie Baartman se saagmeul waarvan ek reeds vertel het. Ek kan nie onthou wat die eienaar van die smidswinkel se naam was nie, maar onthou hom as so 'n fris, sterk man met hare wat so effe gryserig was. Sover ek kan onthou het hy nie rytuie gemaak nie, maar net herstelwerk gedoen, ploegskare uitgeslaan en so meer. Dit was 'n kuns om te weet hoe om die metaal weer die regte temper te gee nadat dit warm gemaak en uitgeslaan is. Soos ek die ding verstaan, het dit daarvan afgehang hoe vinnig die metaal afgekoel word nadat dit uit die vuur gekom het. Indien dit nog te sag was het dit sommer omgelê, soos die mense gesê het, en as dit te hard geword het, het daar weer stukke uitgebreek.

Die ystersmede van destyds het waterstene wat met 'n slinger gedraai word, gebruik om gereedskap skerp te maak. Dit was harde werk en die eienaar het, volgens Vader my vertel het, maar altyd 'n plan beraam om dié takie op iemand anders af te skuif.

In Vader se tyd het die seuns, net soos ek, baie keer daar saamgedrom om te kyk hoedat die 'blacksmith', soos ons gesê het, 'n implement op die slypsteen skerpmaak – 'n situasie wat dié man tot sy voordeel uitgebuit het. As daar slypsteen gedraai moes word, het hy een van die seuns nadergeroep en hom vertel dat hy gehoor het dat dié so 'n baasslypsteendraaier is, en of hy dan nie gou vir hom sal kom wys hoe dit gedoen moet word nie. Om vir die 'blacksmith' te wys dat dié kompliment nie slegs ydele woorde was nie, het die seun dan met oorgawe die beste hand aan die slinger geslaan om sy kastige kuns te demonstreer en daarmee die takie in rekordtyd afgehandel. Die volgende keer wanneer daar weer slypsteen gedraai moes word, was dit weer iemand anders wat hom met 'n slap riem laat vang het.

Daar was destyds baie smidswinkelwerk op Ceres, want al die boere het met eselploeë geploeg, en afgesien van die ploegskare wat gereeld skerp gemaak moes word, was daar ook ysterimplemente wat gebreek het en reggemaak moes word. Alles moes deur die blaasbalkvuur gaan om weer reggesmee te word, omdat daar toe nog nie so iets soos sweisapparate bestaan het nie.

By hierdie smidswinkel is ook perde en esels beslaan en die kleurling wat hierdie werk gedoen het, was bekend as Tat September. Sy gesig was aan die een kant geskend en sy een oog was ook beseer soos die diere hom van tyd tot tyd geskop het. Hy het nie 'n bang haar op sy kop gehad nie, en ek het staan en kyk hoedat hy soms ongepoetse diere beslaan het wat aan die skop en spring gebly het. Wanneer die dier darem te moedswillig geraak het, het Tat die poot met 'n riem vasgevang en opgetrek. Ek kan egter nie onthou presies hoe hy die riem aangesit het nie. Tat September, as ek reg onthou, het nie net by hierdie smidswinkel gewerk nie. Hy was die algemene perde- en eselbeslaner op Ceres en het by al die smidswinkels kom beslaan wanneer hy gevra is.

Mnr Alsten se koringmeul

Ons stap nou van die smidswinkel af in 'n noordelike rigting met Fabriekstraat langs en draai dan wes wanneer ons by Oranjestraat kom. 'n Entjie verder aan, aan die suidekant van Oranjestraat, was mnr Alsten se koringmeul geleë. Wat ek baie goed van mnr Alsten kan onthou, is dat sy klere altyd wit van die meel was.

Die hoë stoep aan die voorkant van die gebou waarin die meul gehuisves was, was altyd oortrek van die voëltjies wat die graankorrels wat daar rondgelê het nadat 'n vrag koring afgelaai is, kom oppik het. Dié voëltjies was vir ons kinders 'n groot aantrekkingskrag, want ons kon hulle maklik met ons rekkers plattrek. Dit was juis met een van hierdie geleenthede wat mnr Alsten my eendag 'n afgedankste pak slae gegee het omdat ek 'n kwikkie met my rekker geskiet het. Ons is mos van kleins af geleer dat mens nie kwikkies skiet nie.

Oom Dirk Stofberg, wamaker

Aan die westekant van mnr Alsten se koringmeul, op die hoek van Oranje- en Vosstraat, het Oom Dirk Stofberg gewoon. Hy was 'n wamaker van nering en het sy wamakery in die agterplaas van sy woonhuis gehad. Oom Dirk was 'n joviale mens, 'n ekstrovert en alom bemind.

Buiten sy talent as wamaker, was Oom Dirk ook 'n befaamde toneelspeler op die dorp. Daar is destyds, met die hulp van plaaslike talent, heelwat konserte in Ceres op die planke gebring, en dis dan ook hier waar Oom Dirk homself onderskei het. Hy het altyd die hoofrol vertolk en die gehoor gewoonlik laat skaterlag, want die stukke wat opgevoer is, was meesal komedies. Mnr Hardick, wat saam met mnr Conradie 'n snyerswinkel aan die wesoewer van die Dwarsrivier gehad het, was altyd die regisseur van hierdie konserte.

Oupa Michiel Hugo

Gielie Hugo, wat die blokman in Oom Tom Theron se slaghuis was, en sy suster, Milla, het regoor Oom Dirk Stofberg op die suidwestelike hoek van Vos- en Oranjestraat gewoon. Milla is vandag 'n inwoner van die Maudie Kriel Huis vir Bejaardes. Met haar helder geheue was sy van onskatbare hulp met die opstel van hierdie skrywe asook met die kaart van Ceres in die jare 1920–1930.

46 Milla Hugo

Gielie en Milla se oupa, Michiel Hugo, het by Gielie en Milla ingewoon. Oupa Michiel Hugo en my eie oupa François, van Tulbagh, was ou vriende maar ek weet nie waar hulle vriendskap begin het nie want ek was toe nog baie jonk. Nadat my ouma oorlede is, het Vader en Moeder soms my oupa op Tulbagh gaan haal om vir 'n paar dae by ons te kom kuier. By dié geleenthede het Oupa gereeld elke oggend sy kierie geneem en stadig in die straat af gewandel om met sy ou vriend Michiel te gaan gesels. Oupa is in Februarie 1922 op 84-jarige leeftyd oorlede, en Oom Michiel in Maart van dieselfde jaar, op die leeftyd van 91 jaar.

Mnr Bredenkamp se koringmeul

Wes van Oupa Michiel se huis, omtrent in die middel van die straatblok, in Oranjestraat, was daar later 'n koringmeul wat aan mnr Bredenkamp behoort het. Teen dié tyd het mnr Alsten se koringmeul laer in die straat af nie meer bestaan nie, en dit kan wees dat laasgenoemde meul verskuif is na mnr Bredenkamp se perseel.

Wat ek van mnr Bredenkamp kan onthou, is dat hy altyd met een af ander soort uitvinding doenig was. Hy het byvoorbeeld allerlei patente uitgedink en gemaak waarmee hy sy koringmeul verbeter het.

Ceres se Togryersmuseum staan vandag op hierdie perseel.

Oom Izak Garsland van der Merwe

Oom Isak van der Merwe, wat eers op die plaas Garsland geboer het en alom as Oom Isak Garsland, en Oom Isak Kortjas, bekend gestaan het, het later in 'n huis naby die noordoostelike hoek van Oranje- en Munnikstraat kom woon. Oom Isak en sy vrou het tien kinders gehad: vyf dogters (Annie, Hettie, Friena, Jean en Marie) en vyf seuns. Een van hulle seuns is baie jonk oorlede. Die oorblewene vier seuns, Isak, Flip, Jan en Willie, was my maats en ons het altyd saam gespeel. Isak het later 'n haarkapper geword, eers op Ceres en later op Ashton waar hy ook 'n winkeltjie gehad het. Hy het met sy hart gesukkel en is op vroeë leeftyd aan 'n hartaanval oorlede. Flip het later op die noordwestelike hoek van Phillip- en Bucklandstraat gaan woon, en 'n skrynwerkery net langs sy huis bedryf. Hy is ook eendag onverwags aan 'n hartaanval oorlede. Jan, wat in dieselfde klas as ek op skool was, het later stadsklerk op Albertinia geword, waar hy net soos sy ouer

broers ook aan 'n hartaanval oorlede is. Die jongste broer, Willie, het ons die naam 'Duimpie' gegee want hy was klein van postuur.

Duimpie het later boekhouer geword en het baie jare vir mnr J G Reid gewerk. Hy is nooit getroud nie en het nadat sy ouers oorlede is in een van die kamers gaan bly wat op daardie tydstip aan die noordekant van Porterstraat, net daar waar Fabriekstraat in Porterstraat doodloop, vir loseerders opgerig is.

Duimpie was 'n baie konsensieuse mens, en was altyd betyds by die werk, wat hy met groot toewyding verrig het. Een Maandagoggend toe hy nie by die werk opdaag nie, het almal maar aangeneem dat hy siek was. Toe hy egter die volgende dag ook nie by die werk opdaag nie, is iemand na sy woonplek gestuur om na sy welstand te gaan verneem. Daar is Duimpie dood in sy bed aangetref. Latere ondersoek het getoon dat hy reeds 'n paar dae tevore aan 'n hartaanval beswyk het. So is al vier my maats van hierdie familie aan hartaanvalle oorlede.

Hulle vyf susters het egter ouer geword, en dit wil voorkom of hulle nie ook aan hierdie kwaal gely het nie. Die een dogter, Annie, is met Frikkie du Toit, wat baie jare kleremaker en mansuitruster op Ceres was, getroud. Hy het later hier afgetree en daarna nog klere verstel by sy huis, in 'n motorhuis wat hy spesiaal vir dié doel ingerig het.

Oakfield

Met 'Oakfield', wat op die noordwestelike hoek van Pine- en Munnikstraat, maar diep in die straatblok, geleë was, het ons reeds kennis gemaak. (Dit was die laaste loseerplek van die Vyf Rose.) Maar Oakfield was op 'n tyd ook die woonplek van Ceres se legendariese gravin.

Gravin Maud Wodzicka se afkoms was onseker en ons weet nie of sy Duits, Pools of watter nasie was nie. Sy het 'n vreemde aksent gehad en derhalwe die indruk geskep dat sy nie van Suid-Afrikaanse afkoms was nie.

Die dame het baie gereis en op een van haar reise vir graaf Wodzicka raakgeloop, met wie sy dan ook later getroud is. Daar word vertel dat hy met die Tweede Wêreldoorlog geïnterneer was omdat hy as 'n spioen verdink is. Na sy vrylating het hy 'n viswinkel op Stellenbosch bedryf totdat hy aldaar oorlede is.

Die gravin het toe na Ceres verhuis waar sy in Oakfield kom loseer het. Sy was altyd in

swart geklee, moontlik omdat sy tot haar dood oor haar gewese eggenoot gerou het. Sy is hier oorlede en is glo ook in Stellenbosch ter aarde bestel. Haar nalatenskap op Ceres was 'n boekie met haar naam voorin geteken wat sy aan iemand geskenk het.

47 'Oakfield'

Dr Munnik

In die twintigerjare was daar twee mediese dokters op Ceres, dr G C Munnik en dr Alexander (wie se voorletters of naam ek nie kan onthou nie). Hulle het reg teenoor mekaar op die suidwestelike en noordwestelike hoeke van Pine- en Vosstraat gewoon, waar hulle ook hulle spreekkamers gehad het.

Oor dr Munnik alleen kan seker 'n hele boek geskryf word omdat hy so 'n sterk persoonlikheid gehad het en so 'n veelsydige mens was. Afgesien van die feit dat hy 'n mediese dokter was, was hy ook 'n skilder van formaat, 'n navorser en 'n filosoof. Hy het altyd diep oor sake nagedink, en ek onthou nog hoe hy eendag vir my vader gesê het: 'My magtag, man, hierdie dinge kan mos nie somar vanself so gekom het nie!' Wat so kenmerkend van hom was, was dat hy homself so grof kon uitdruk, maar sonder om werklik lelik te praat. Ons het maar altyd gesê, hy praat maar so. As dokter was hy ver bo die gemiddelde vir die tyd waarin hy geleef het. Boonop het hy sy mediese kennis voortdurend opgeknap deur baie te lees en op sy elementêre manier navorsing te doen.

My vader se hartklop het 'n onderbreking in die ritme gehad, iets wat in later jare geblyk het 'n familiekwaal te wees. Vader het op 'n stadium 'n hartspesialis hieromtrent gaan

spreek. Dié het bevind dat Vader 'n ernstige hartaandoening had en dat hy vir drie maande in die bed moes bly. In dié tyd het dr Munnik Vader gereeld besoek. Toe Vader na 'n geruime tyd egter geen verbetering toon nie, het dr Munnik die probleem op hom geneem en ernstige opleeswerk oor hartkwale in sy eie boekery gaan doen.

Een oggend stap hy toe ewe luiters daar by Vader in en beveel hom op sy kenmerkende nors manier: 'Izak, staan op en trek jou klere aan dat ons kan gaan draf.' My vader was uit die veld geslaan, maar op sy vraag of sy goeie vriend en dokter hom dan nou wil doodmaak, het dr Munnik geantwoord: 'Toemaar, jong, jy sal nie vrek nie.' Na 'n halfmyl se draffie het hy Vader weer ondersoek, waarna hy Vader beveel het om sy gelêery te laat staan en weer te begin werk, want, soos hy gesê het: 'Jy makeer wragtag niks nie.'

(Wat my vader se gesondheid betref – ook soos dit baie jare later geblyk het – het dr Munnik reg gehad. My eie seun, Isak, het hierdie einste hartafwyking geërf. As kind het ons hom deur verskeie hartspesialiste laat ondersoek wat dit, net soos dr Munnik, eens was dat dit 'n afwyking is wat geen risiko inhou nie.)

'n Ander insident wat ek onthou, is dat ek eendag tandpyn gehad het, en Vader my aangesê het om op pad skool toe somar by dr Munnik aan te gaan sodat hy na die tand kon kyk. Hy het my in die spreekkamer se deur laat staan en gesê: 'Maak oop jou bek dat ek kan sien.' Hy vat toe my onderkaak in sy linkerhand vas, reik met sy regterhand na die tang hier agter hom op die tafel, en eer jy kon sê 'mes', staan hy met my tand in die tang. Terwyl ek nog staan en tjank sê hy dat ek maar kan loop en 'Moenie die bloed op my erf uitspoeg nie – wag eers totdat jy deur die voorhekkie is.' Dit moes maar 'n melktandjie gewees het, maar ek is nietemin in trane daar weg.

Dr Munnik het die gewoonte gehad om 'Very good!' te sê as jy 'n vraag van hom beantwoord het. So het dit gebeur dat hy 'n vrou uit die Kouebokkeveld behandel het toe sy siek was. Na verloop van tyd ontmoet hy haar man op Ceres en verneem na haar welstand. Toe die man hom vertel dat sy oorlede is, het hy oudergewoonte, sonder om te dink, die gesprek met 'n 'Very good!' beëindig!

Dr Munnik het nie self motor bestuur nie. Wanneer hy pasiënte moes gaan besoek het sy vrou, wat heelwat jonger was as hy, as sy motorbestuurder waargeneem. Hulle het nie kinders gehad nie, maar het Oom Dirk Stofberg, die wamaker, se een dogter, Joan, aangeneem. Sy het by hulle gewoon, en soos ek verneem het, was sy later een van die erfgename in dr Munnik se boedel.

Dr Alexander

Dr Alexander het ek nie so goed geken nie, want hy is oorlede toe ek nog baie klein was. Daar word vertel dat hy sy eie lewe geneem het, en ek onthou nog die dag toe dit gebeur het. Ek was een van die omstanders wat gesien het hoe dr Munnik, met sy dokterstas in die hand, in aller yl oor die straat hardloop, en later weer al kopskuddend na sy spreekkamer terugkeer.

Na dr Alexander se dood het daar verskeie gesinne in sy huis gewoon. Ek moes gereeld daar gaan melk aflewer, maar het 'n heilige vrees vir hierdie huis gehad want ek was seker dat daar spoke was. Ek moes die melk by die agterdeur gaan aflewer. Die huis se agterplaas was toegebou met 'n muur waarin daar 'n groen deur was, wat toegang tot die huis se agterdeur verleen het. Elke dag as ek hierdie deur oopgemaak het, het ek van 'n beklemmende atmosfeer bewus geraak. Daarby was daar ook nog 'n eienaardige reuk. My nekhare het behoorlik gekriewel en ek het geen tyd verspil om uit daardie agterplaas uit te kom nie. Geeneen van die ander gesinne wat in dié huis gewoon het, het ooit spoke daar gewaar nie, maar vir my was dit nou maar eenmaal 'n spookhuis.

Die Rosenlefts

Die Rosenleft-gesin het op die suidoostelike hoek van Vos- en Porterstraat gewoon. Mnr Rosenleft was onder andere 'n skrynwerker en het sy werksplek in die agterplaas van die woonhuis gehad. Hulle het twee seuns, Piet en Adolf, en een dogter, Gussie, gehad. Anders as haar twee broers, is Gussie nooit getroud nie.

Die Rosenlefts het ook, soos heelparty van die ander inwoners, 'n melkkoei gehad, want in daardie jare is die inwoners nog toegelaat om hoenders en beeste in die munisipale gebied aan te hou. Bedags het die beeste in 'n kamp noord van Porterstraat, aan die oostekant van Hamletweg (die verlenging van Vosstraat), gewei. Of dié kamp private eiendom was, weet ek nie, maar om dit as weiding te mag gebruik, moes daar 'n maandelikse fooi per bees betaal word. Dit was een van my huistakies om elke oggend voor skool ons beeste na die kampie te jaag en dit het dikwels gebeur dat, wanneer ek met my troppie daar by mev Rosenleft se huis verbykom, sy my gevra het om somar ook hulle bees saam te jaag. Vir dié diensie het sy my altyd met 'n lemoen vergoed, hoewel ek haar gereeld verseker het dat dit nie nodig was nie.

Die Rosenlefts se dogter, Gussie, was saam met my op skool, maar sy was ouer as ek en in

'n hoër klas. Sy was 'n baie toegewyde leerling en hoewel sy, soos ons almal, skool toe moes loop, was sy in haar hele skoolloopbaan net 'n halwe dag afwesig. Nadat haar ouers oorlede is, het Gussie alleen in haar ouerhuis bly woon en vir haarself gesorg.

Baie jare later, in Oktober 1992, het sy 'n beroerte-aanval gekry terwyl sy alleen in die huis was. Die bure, wat haar 'n tyd lank nie buite die huis gewaar het nie, het navraag by haar broer se seun, Frans, gaan doen. Dié het haar probeer opklop, maar kon niks verder uitrig nie omdat die huis goed met diefwering beskerm was. Hy het toe maar die polisie gaan haal wat van die motorhuis se kant af by die huis ingebreek het. Gussie is in haar slaapkamer, waar sy op die vloer langs haar bed gelê het, gevind. Hulle het haar onmiddellik na die hospitaal geneem, waar sy in so 'n mate herstel het dat sy weer 'n normale lewe kon lei.

Gussie het haar jare besonder goed gedra, en diegene wat nie geweet het nie, het haar ouderdom altyd hopeloos onderskat. In haar tagtigerjare was sy nog viets en wakker, en het met die veerkrag van iemand veel jonger geloop. Ten tye van hierdie skrywe was sy 'n inwoner van die Maudie Kriel Huis vir Bejaardes. Haar gesondheid het uiteindelik ingegee en later was sy 'n permanente pasiënt in dié inrigting se siekeboeg.

Willie du Toit

Regoor die Rosenlefts, op die noordoostelike hoek van Porterstraat en Hamletweg, het Oom Willie du Toit, wat met ds Alheit se dogter getroud was, gewoon. Hulle seun, ook Willie, was my skoolmaat.

Willie was die trotse eienaar van 'n rugbybal en ons kinders het baie graag by hom gaan speel sodat ons die bal kon rondskop. Ons het egter hulle pragtige tuin met die geskoppery so verinneweer dat sy moeder ons gevra het om liewer op die ou tennisbaan onder in Porterstraat te gaan speel. Aangesien hy die eienaar van die bal was en dus baie meer oefening as ons daarmee gekry het, was Willie die baasskopper van ons almal. Geeneen van ons kon die bal so ver soos hy skop nie.

Willie het later elders gaan boer. Na sy aftrede het hy skoolopsigter by die Hoërskool Charlie Hofmeyr geword. Willie het intussen as 'n uitstekende kok ontpop en beoefen nog graag hierdie stokperdjie van hom, veral wanneer hy sy vriende onthaal.

Ceres se bou-aannemers

Dit is merkwaardig hoeveel bouers van Nederlandse afkoms hier op Ceres was. Op een tydstip het hulle die boubedryf in Ceres oorheers.

Een van dié Nederlandse bouers, mnr Keyser, het noord van Porterstraat, aan die oostekant van Hamletweg, daar vlak teen die Morceaux-watervoor, gewoon. Hy was getroud met 'n nooi Van Zijl, een van die dogters van die Nederlandse Van Zijl-gesin wat in die Kouebokkeveld gewoon het. Hoewel mnr Keyser 'n bekende en gesogte bouer was, bestaan daar veel meer staaltjies oor sy skoonfamilie, die Van Zijls, as oor homself.

Sy skoonpa, ou Oom Van Zijl, was 'n Nederlandse immigrant wat maar bra sleg Afrikaans gepraat het. Hy het twee dogters gehad, een wat met mnr Keyser getroud was, en 'n ander, Joan, by wie 'n ou klasmaat van my, Hennie van der Merwe, gekuier het. Dit was ten tye van die groot oorstromings in Holland toe van die dyke gebreek en baie mense omgekom het. Een Vrydagaand, kort nadat die nuus van die oorstromings in Holland bekend geword het, het Hennie weer by Joan gaan besoek aflê. Uit ordentlikheid betuig hy toe sommer ook sy meegevoel aan sy aanstaande skoonvader. Die oubaas het dit baie waardeer, en op sy tipiese wyse geantwoord: 'Ja, het schijnt mij daar zijn een heel boel van de donders verzuipe.'

Joan het 'n vriendin gehad wat ons 'Baas Jannie' genoem het. Sy was 'n boeredogter van 'n gesin waar daar nie 'n seun was nie en het toe die plek van 'n seun ingeneem. Sy het dan ook altyd mansklere gedra en was baie geheg aan haar fluweelmanspak wat sy in die winter gedra het.

So was daar eendag 'n vendusie op een van die plase in die Kouebokkeveld en Baas Jannie was ook daar met fluweelpak en al. Toe vee in een van die krale opgeveil is, het van die mans somar van die geleentheid gebruik gemaak om 'n bietjie water af te tap en hulle het nie betyds opgemerk dat Baas Jannie ook onder hulle was nie. Oom Piet Smit het vreeslik stadig gepraat, en toe iemand hom daarop wys dat daar 'n dame in die geselskap was, sê hy so ewe stadig: 'Maar die vroumens het mos nou my ... gesien!'

Mnr Keyser was 'n goeie bouer, maar het ongelukkig later probleme met sy oë ontwikkel en al swakker en swakker gesien. Hy kon nie meer motor bestuur nie, en wanneer hy afmetings moes doen, het hy dit so voel-voel gedoen en dan moes iemand anders vir hom die afmetings op die maatband lees. Hy is eendag skielik oorlede.

Buiten mnr Keyser was daar ook 'n ander Nederlandse bouer, mnr Peters, wat aan die

westekant van Hamletweg, maar heeltemal aan die noordekant, amper in die buitewyke van die dorp, gewoon het.

Mnr Peters was seker een van die beste bouers wat Ceres ooit gehad het. Hy kon met sement toor en wat hy ook al gebou het, het die toets van die tyd weerstaan. Toe ek al 'n jongman was en geboer het, het hy 'n keerwal en 'n voor in die Titusrivier, daar waar dié rivier aan my plaas, Quarta, se grens verbyloop, gebou. Dié keerwal en voor is tot vandag toe nog in gebruik en in 'n goeie toestand. Dit is waarlik 'n puik stuk bouwerk as in aanmerking geneem word dat die water wat uit die Tafelbergsandsteenberge afloop baie suur bevat, wat veroorsaak dat sement binne afsienbare tyd kan verweer. Sy seun, Tony, is 'n parapleeg en het vandag nog 'n fabriek op Ceres waar pale geteer word.

'n Geruime tyd nadat mnr Keyser en mnr Peters op Ceres was, het daar 'n derde Nederlandse bouer, mnr Steyger, na Ceres gekom. Hy het aan die oostelike buitewyke van Ceres, daar waar die Ezelsfontein-pad uit die hoofpad na Calvinia afdraai, gewoon. Mnr Steyger was met 'n oulike en vriendelike vrou getroud wat altyd met haar fiets in die dorp rondgery het. Sy was 'n verpleegster en het dan ook dikwels uitgehelp waar daar siekte was.

Hoe dit gebeur het, weet ek nie, maar eendag het sy met haar fiets teen 'n motor gebots en baie hard met die grond kennis gemaak. Die bestuurder van die motor het haar in die motor getel en eers na die dokter geneem voordat hy haar by haar huis terugbesorg het. Toe hy die aand mnr Steyger bel om na haar welstand te verneem, het mnr Steyger hom verseker dat dit heel goed met sy vrou gaan, 'Maar', het hy toegevoeg, 'is haar poepol blaauw!'

Nou het ek egter ietwat afgewyk van ons toer deur Ceres aan die oostekant van die Dwarsrivier en moet ek u terugneem na Porterstraat.

Die Sinagoge

Ons stap nou verder wes in Porterstraat op tot by die suidoostelike hoek van dié en Munnikstraat waar die Joodse Sinagoge en, aangrensend in Munnikstraat, die Talmud Torah-saal geleë is. Die Sinagoge is, so ver ek kan onthou, in die twintigerjare gebou en 'n tender vir die Ceres Talmud Torah Hall is op 25 Oktober 1932 deur die bouers Baartman en Slabbert vir die som van £775 gelewer. Ek kan nog die inwyding van hierdie saal onthou.

In daardie dae het Ceres 'n betreklik groot Joodse gemeenskap gehad. Die Joodse gemeente wat deur die Sinagoge bedien is, het egter ook Wolseley se distrik ingesluit. Daar was drie rabbi's wat na mekaar die Joodse gemeenskap bedien het, te wete rabbi M Rabinowitz wat van Bellville afkomstig was, rabbi Wittenberg, en daarna rabbi H Natas, wat later in mnr Estermann se huis op die suidoostelike hoek van Vos- en Pinestraat ingetrek het en die gemeenskap 28 jaar lank bedien het.

Rabbi Natas het net een oor gehad en ons het hom die bynaam 'Malgus' gegee. Iemand het hom glo met 'n motor in die Voorstraat, op die hoek van Baumann's Store, raakgery waar sy oor in die slag gebly het. Op 84-jarige leeftyd het rabbi Natas sy gemeente een aand bymekaargeroep en vir hulle gesê: 'My kinders, ek kan nie meer sien nie en gaan dus aftree. Maar moet julle nie ontstel nie, want solank julle vir mnr Metter by julle het, sal dit goed met julle gaan.' Rabbi Natas is kort daarna oorlede en mnr Wolf Metter het daarna vir baie jare die fort in die Joodse gemeenskap gehou.

Mnr Metter het ná sy huwelik in 1924 na Ceres gekom. Hy was eintlik 'n sakeman wat 'n winkel in Lyellstraat aan die westekant van die Dwarsrivier gehad het en later ook die woonhuis op die noordwestelike hoek van Fabriek- en die Voorstraat, waar mnr Veldsman vroeër gewoon het, gekoop het. Mnr Metter het al die dienste, buiten Brith Melah's, gelei. Hy kon natuurlik ook nie huwelike bevestig nie. Die gemeenskap het hom getrou ondersteun, en hy het altyd gesê dat hy nie 'n gemeenskap nie, maar een groot familie bedien het. Die geld wat mnr Metter vir sy diens as 'Gabba' verdien het, het hy na sy geliefkoosde inrigting, die Instituut vir Blindes in Jerusalem, gestuur.

Belmont Hotel

Aan die noordekant van Porterstraat, vlak langs die oosoewer van die Dwarsrivier, was die eertydse Belmont Sanatorium vir teringlyers geleë. Toe die Brewelskloof Sanatorium vir teringlyers in die eerste dekade van die twintigste eeu kortby die dorp Nelspoort geopen is, is die Belmont Sanatorium in Ceres gesluit en die pasiënte na Brewelskloof oorgeplaas. In 1920 het ou Oom Phillip Malherbe van die plaas Ezelsfontein Belmont gekoop en tot 1944 bewoon, toe hy dit aan mnr Rankin verkoop het. Mnr Rankin het die gebou in 'n hotel omskep.

Die hotel het daarna twee keer van eienaar verwissel. Mnr Rankin het dit aan kolonel Knoble verkoop, wat dit op sy beurt in 1954 aan mnr S J Conradie verkoop het.

Faan en Betty Conradie het Belmont Hotel in 'n pragtige lushof met groot tuine, 'n swem-

bad, dieretuin en voëlpark ontwikkel. Na die aardbewing in 1969 het hulle die hotel weer herbou. Vandag word die Belmont Hotel nog deur die Conradies se dogter en haar man bestuur.

Die watervoor, die geut en Lovers' Bridge

Ons toer deur die 'onderdorp', dit wil sê die deel van Ceres wat aan die oostekant van die Dwarsrivier geleë is, het ons nou tot aan die westelike eindpunt van Porterstraat gebring. Die watergeut wat die inwoners aan die oostekant van die rivier van water voorsien het, het die water na 'n verdelingsdam naby die noordwestelike hoek van Porter- en Munnikstraat gebring, vanwaar dit verder met sluise en leivore na verskillende dele van die onderdorp versprei is. Soos reeds vermeld, moes die deel van Ceres oos van die Dwarsrivier op dié manier van water voorsien word omdat die rivier nie genoeg lopende water vir daardie kant van die dorp bevat het nie.

'n Deel van die water wat met die geut na die verdelingsdam gebring is, is met 'n watervoor gelei tot op die plaas Morceaux, wat gedeeltelik op munisipale grond aan die oostekant van die dorp geleë was. Die watervoor het 'n ent al langs die noordekant van Porterstraat geloop en dan noord in Hamletweg gedraai, waarna dit die straat oorgesteek het en al langs Joubertstraat, wat toe nog 'n ongebaande weg was, geloop het. Heel aan die oostekant van die dorp het die watervoor Joubertstraat skuins oorgesteek voordat dit by Retiefstraat uitgekom het. Destyds het Hamletweg, Joubertstraat en Retiefstraat die grense van Morceaux gevorm.

Vir ons kinders het die geut 'n wonderlike uitdaging gebied. Ons het oor die Kleinbruggie tot bo by Oom Jan Keet se watermeul geloop, waar ons dan in die geut geklim het en die hele pad terug tot by die verdelingsdam geloop het. Die geut was so glad soos seep weens die mos en ander watergrasse wat daarin gegroei het. Boonop moes ons elke paar tree oor 'n dwarsbalkie klim wat bo-oor die sykante van die geut aangebring was, en dit was nie maklik om mens se balans daar te behou nie. Eintlik was dit 'n lewensgevaarlike speletjie waarmee ons ons daar besig gehou het, maar ons ouers was natuurlik salig onbewus van hierdie eskapades van ons.

Die Kleinbruggie self is ook vele kere deur ons as speelplek gebruik – nie soseer die loopgedeelte nie, maar eerder die houthandreëlings. Dié handreëlings was bo-op halfrond gemaak sodat daar nie splinters in die voetgangers wat daaraan vashou, se hande sou steek nie. Om as held te kwalifiseer, moes ons van die een tot die ander kant van die

bruggie bo-op een van die reëlings oor die rivier loop. Ek kan nie onthou dat ek ooit gekwalifiseer het nie, want ek het my hele lewe lank aan hoogtevrees gely. Dit bly egter slegs 'n wonder dat nie een van ons ons ooit te pletter geval het op die rotsagtige rivierbodem nie.

Net bokant die Kleinbruggie het die rivier so 'n effense draai gemaak en 'n gat uitgespoel wat een van ons geliefde swemplekke geword het. Ons het dit die 'Kleingaatjie' genoem. Hier het ons, ten aanskoue van al die voetgangers oor die Kleinbruggie, kaalstert gebaljaar. Maar niemand het ooit aanstoot geneem nie. Ek kan nog goed onthou hoe lekker warm die wit klippe langs die water was wanneer ons uit die koue water kom en daarop gaan sit!